


PURE ELEGANSIE



STYLE | SEKURITEIT | VEELSYDIGHEID | WAARDE

AMERICAN
shutters

Your Window to Design

087 238 2123
Landwyd

www.americanshutters.co.za
info@americanshutters.co.za

jou praktiese huis-en-tuingids

tuus

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif

0 31 90

9 771810 989007

R52,00 (BTW inkl.)
Namibië N\$52,00

Maart 2020

NUWE KOMPETISIE

**R20 000 kan
joune wees!**

Ontrommel en wen

BON APPÉTIT!

**Geurige
geregte uit
Frankryk**

**Asemrowende opknep
Bou boontoe!**

5 veeldoelige eetkamers

**Ruimtes vir eet,
werk en kuier**

**Gesellige
huise met 'n**

industriële kinkel

STELLENBOSCH

**Staalrame en
hoë plafonne**

RIEBEEK

**Oop balke,
koper en beton**

JOHANNESBURG

**Ruwe sement
en rou hout**



TUINE

**Skuins erf
word spogtuin
& Aleit wys sy oase**



@homelivingspace®
THE HOMEWARE STORE

KOOP IN DIE WINKEL
OF AANLYN
WWW.HOME.CO.ZA

VERBEEL JOU MEER VRYE TYD

GENIET DIT GERUS

Bring dié somer meer tyd tuis deur en benut 'n ruimte wat die skoonheid van die natuur weerspieël, ten beste. Gooi jou huis oop en nooi almal, want daar's oorgenoeg plek op die rusbank. Meubels en huisware is in winkels en aanlyn te koop.







14
Vars idees




42
Leserhuis




32
Leserhuis



18
Leserhuis



100
Lesertuin



114
Franse smulkos



12

dekor

- 12 **Kopies** Vir 'n bietjie geur in jou huis
- 14 **Vars idees** Dek 'n pragtige tafel vir lekker buitekuiers
- 18 **Gemaklike elegansie** in 'n Stellenbosse droomhuis
- 32 Van leë dop tot **stylvolle woning** in Parkhurst, Johannesburg
- 42 **Staal, beton en hout** in perfekte harmonie op Riebeeck-Wes
- 52 **Eetkamers** in die kollig

doen dit self

- 64 Maak 'n **koffietafel met hout-inlegwerk**
- 66 Gee **nuwe flair** aan 'n ou kas

jou tuin

- 92 **Verkwiklike oase** in die woud
- 100 **Tuinkamers** met 'n verrassing om elke draai
- 112 **Plante van die maand** Twee rankers vir geil, lewende mure

in die kombuis

- 114 **Bon appétit!** Geure van die Franse platteland
- 122 Suurlemoentert, **stap vir stap**
- 124 **Kortpadkos** Aandete in 'n japtrap!
- 126 **Kos & drank** vir die siel

kompetisies

- 6 **Sê jou sê** en wen 'n prys
- 70 Gaar jy op? Skryf in vir ons **ontrommel-kompetisie** en wen kontant!
- 84 WEN met jou **troeteldierfoto's**
- 90 **Blokraai #139** WEN 'n boek van R220!
- 99 WEN 'n **agtsitplektafel** van WODC ter waarde van R14000

gereeld

- 8 **Dagboek** Maart-hoogtepunte
- 10 **Wat's nuut** aan die dekorfront
- 72 **Raad** Vra die kenners
- 74 **Ougood of hougood?**
- 76 **Opknap** Trek weg of maak reg?
- 84 **Troeteldiere**
- 86 **Dié maand in jou tuin**
- 130 **Agterblad** Karin Brynard gesels

Loer in by ons eerste Tuis/Home-mark! Sien bl. 71.

Die afgelope jaar of wat het jy seker opgelet dat *Tuis* glad nie meer net 'n tydskrif is nie.

Ons het lankal 'n digitale voetspoor ook – daar was ons eerste mobiblad; ons stuur al geruime tyd etlike nuusbriewe uit; jy volg ons dalk op Facebook, Instagram, of ons YouTube-kanaal!

Maar met die bekendstelling van Netwerk24, met alles wat Media24 in Afrikaans doen op een digitale plek, het die *Tuis*-wêreld net nog groter geword. Nog nooit was dit so maklik om al jou gunsteling-leesstof te geniet in die palm van jou hand nie, hetsy in webformaat of PDF.

Nou, in 2020, is daar nog nuwighede op die horison.

Einde verlede jaar het ons die *Tuis*-winkel (tuishomeshop.co.za) gebou waar jy krytverf, en binnekort ook ander mooigoed, kan koop. Die *Welkom Tuis*-ontwerpdien wat van enige dekor-dilemma in jou huis korte mette sal maak en jou boonop geld kan spaar (kyk op bl. 75), is ook flink op dreef, en dan was daar ons eerste *Home Sharing*-konferensie in vennootskap met Airbnb, 'n TV-reeks op die leefstylkanaal VIA op DStv, en nie minder nie as drie kompetisies waarin lesers met trots hul kreatiwiteit kon wys – onder meer die *Rookie Stylist*-kompetisie saam met MRP Home op Instagram. Dié veldtog het meer as 1 400 inskrywings gelok en meer as 4 miljoen mense (ja, jy het reg gelees, 4 miljoen) het op die een of ander manier daarmee in aanraking gekom.

Daar was sulke lekker stories wat uit dié kompetisie gespruit het. Een leser wat nog nooit 'n Instagram-rekening gehad het nie, wou opsluit deel wees van die aksie. Met ons digitale-inhoudskepper, Suné, se hulp oor die foon het sy 'n rekening opgestel en haar eerste (en tot dusver laaste) foto op Instagram gedeel. Daar was ook die gewilde *Tjhoko Champs*-kompetisie met

verstommende verfpogte; die Annie Sloan-toer na Frankryk (*'n paar foto's onder*); 'n week agter die kosspotte op 'n Griekse eiland; en oudergewoonte ons *Regruk met Flair*-wedstryd, wat vanjaar met drie kategorieë seker van die mooiste inskrywings ooit gelok het. Ons wys die winners in volgende maand se uitgawe en jy gaan jou oë nie glo nie!

So, wat is volgende? 'n Groot aankondiging in dié uitgawe is die bekendstelling van die *Tuis* Home-mark. Maak solank 'n nota: Einde Mei kan jy uitsien na vier dae van groot jolyt op die lieflike Nooitgedacht-wynlandgoed buite Stellenbosch.

Ons kondig ook later 'n dekorskool aan en ons werk aan 'n reeks aanlyn-meesterklasse in krytverf-tegnieke. Boonop kan jy begin uitsien na 'n tweede resepteboek ná die sukses van Johané se *Ta-da!* in 2018.

Is jy al volstoom op dreef met die nuwe jaar? Want óns is...

- Die *Tuis Dagboek* met sy gratis tuin-handskoene kry groot aftrek. As jy nog nie joune het nie, moet jy gou spring, want dié lieflike hardebandboek met van ons mooiste tuinfoto's is nog tot 1 Maart te koop in winkels landwyd. As jy dit nêrens in die winkels kan kry nie, bel Amina Essop by 021 406 2205 of stuur e-pos na redakteur@tuis.co.za, dan help ons jou. En ja, dis vanjaar net in Afrikaans, maar volgende keer doen ons dit beslis in Engels ook!



Wicus redakteur@tuis.co.za

Vive la France!



Ons Annie Sloan-toer verlede Oktober na Lorgues, Frankryk, was 'n groot sukses. Ons moes uiteindelik 'n groter bus en ekstra slaapplek reël om almal te akkommodeer! Johané, ons kosredakteur, was saam – vandaar die inspirasie vir die Franse geregte op bl. 114. Hier is 'n paar foto's van die groep van 23 wie se kreatiwiteit selfs vir Annie uitgeboul het!



Antibes (regs), Cannes, Saint-Tropez... Benewens meesterklasse saam met Annie Sloan en lekker eet, was daar ook tyd vir rondkyk.




Mmabatho Nkambule



Helen Fabricius



Yolandi van Zyl



Annie Sloan

ons lesers sê

Skryf aan ons by *Tuis*/Ons lesers sê, Posbus 1802, Kaapstad 8000 of stuur e-pos na redakteur@tuis.co.za.
Gesels saam by tuis.co.za of facebook.com/tuistydskrif, of volg ons op Instagram by [@TuisHomeMag](https://www.instagram.com/TuisHomeMag).

WENBRIEF



Sy't 'n hand met 'n plant

Lotta Marais van Wellington skryf

As 'n mens hou van plante en van tuinmaak, maak jy 'n plan. Tydens die droogte het my huishulp, Rykie, se muurtuin inspirasie en groenigheid aan die vaal Wellingtonse omgewing gegee. Wat 'n plesier om haar daar af te laai en amper elke dag 'n nuwe vetplantjie teen die muur te sien. Rykie hou van groenigheid en lewe om haar. Met haar muurtuin slaan sy twee vlieë met een klap: Sy herwin die vele plastiekbottels wat die omgewing so versuur en maak iets moois daarmee. In 'n vaal omgewing pronk haar tuin en wys sy vir almal wat daar verbykom dat 'n mens iets moois uit niks kan skep. Rykie, jy's 'n inspirasie vir ons almal!

Ideaal vir my

Estelle van der Merwe van Sandbaai skryf

Ek wil julle net komplementeer met jul *Tuis Dagboek 2020*. Behalwe die wonderskone blomfoto's, kosbare aanhalings en baie nuttige tuinwenke vir al vier seisoene, is die boek nommerpas vir my!


Ons is afgetredenes en bedryf 'n blomsaak wat vars blomme en loof aan 'n plaaslike bloemiste en kwekery verskaf. Ek gebruik die skoon bladsye in die boek vir al my inligting oor onder meer saai-, plant- en bemestingdatums. Dis so gerieflik, alles netjies saamgevat in een boek!




Jare se inspirasie

Marcelle du Toit van Pretoria skryf

As intekenaar wat geen *Tuis* misloop nie, moes ek onlangs huis skoonmaak – maar weggooi kon ek nie. *Tuis* het gehelp met ons kombuis-regruk 'n paar jaar gelede en gee gereeld inspirasie vir mooimaak. Ek het toe besluit om dit met ander te deel. Omdat ons 'n badkamer-regruk beplan, het ek al die badkamer- en Kersfees-uitgawes gebêre. Die res het ek na die naaste Hospitium gevat, elke jaar se uitgawes netjies bymekaargebind met tou, sodat dit vir iemand anders ook vreugde kan bring. Jul mooi tydskrif is werklik 'n inspirasie.




KORTLIKS



Ek was die gelukkige wenner van 'n skuurdeur in die kompetisie in *Tuis Badkamers 2019*. Kyk nou net!


– Irma van Aarde, Tzaneen



Die besonderse huise en idees wat ek in *Tuis* raaklees, laat my dikwels weer na my eie plek kyk. Dan besef ek opnuut dat dit vir my mooi is en my dankbaar maak – en dis mos al wat tel, of hoe? – Anna Dicks, Germiston

WEN! Die skrywer van dié maand se wenbrief kry 'n Linen Drawer-geskenkbewys van R1 500.

Linen Drawer vervaardig topgehalte-beddegoed van suiwer katoenperkal en linne, asook bad- en tafellinne, en lewer gratis af in SA. Hulle verskaf ook winterlakens, duvets en kussings, komberse en dekens, matras-beskers en bedrompe van goeie gehalte – als ontwerp om te verseker dat jy en jou gesin altyd 'n goeie nagrus kry. 'n Nuwe stel beddegoed van Linen Drawer sal jou lewe verander! Sien linendrawer.co.za.




Die redakteur behou die reg om briewe te redigeer.

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY



TIVOLI
• PURE ITALIAN CRAFTSMANSHIP •



MILKY
WHITE

SAHARA
BROWN

VOLCANIC
GREY



GLANSEND GETOOI.




Uitdagend waaghalsige idees wat die grense van hoë ontwerp, hoë mode en fantastiese funksionaliteit verbreed. Uit Italië en **eksklusief aan Italtile.**

'n Kleur vir elke palet.
'n Tekstuur vir elke smaak.

Wit en chroom is standaard voorraaditems. Alle ander kleure is op spesiale bestelling beskikbaar.

Ons vertoonlokale is 7 dae 'n week oop. www.italtile.co.za/storefinder

AANLYN WINKEL 010 271 2272



ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

dagboek



OP DIE KASSIE

In *Open Homes* (seisoen 1 begin 16 Maart op The Home Channel, DStv-kanaal 176) vergesel huis- en tuinontwerpers jou deur van die asemrowendste huise wat jy ooit sal sien – van spoggerige vakansievillas tot weggesteekte skatte met wonderlike uitsigte. Sien die voorste dekor-trends en selfs 'n huis wat teen 'n heuwel “hang”. Of jy nou opknop, bou of net die mooi wil sien, *Open Homes* is vir jou.

DIE TOYOTA US WOORDFEES

6–15 Maart: Verskeie venues in en om Stellenbosch

Die 2020-Woordfees het iets vir elkeen oor 16 kategorieë – van musiek tot teater, 'n skrywers- en filmfees, selfs landbou. Teaterliefhebbers kan kies uit 60 toneelstukke, waarvan 24 hul debuut by die fees maak. Jy kan ook 'n staptoer deur plaaslike tuine in samewerking met *Tuis* geniet – besoek die Johnman-tuin in Hertestraat of verken manjifieke tuine in die Jonkershoekvallei. Besoek woordfees.co.za om die hele program te sien en bespreek jou kaartjies by computicket.com. Skakel 087 238 2078 vir meer inligting.



Die 26^{ste} Klein-Karoo Nasionale Kunstefees

23–29 Maart: Oudtshoorn

Die program vir 2020 se KKNK belowe 'n groot verskeidenheid vermaak. Kom geniet musiek, kuns en kultuur – van kooroptredes en klassieke musiek tot uitstallings van visuele kunste en gratis praatjies. Voorste akteurs en veterane in die teaterbedryf keer terug met debuutproduksies en ou gunsteling. Moenie vergeet om by Netwerk24 se feeskafee en *Die Burger* se Praat Saam-diskoersreeks in te loer nie. Laai die volledige program af by kknk.co.za en koop jou kaartjies by computicket.com. Skakel 044 203 8600 vir nog inligting.



DECOREX DURBAN 2020 19–22 Maart: Durbanse Uitstalsentrum

Moenie dié toonaangewende uitstalling van die jongste produkte en trends deur top-ontwerpers, dekorkenners en kundiges in die bedryf misloop nie. Vanjaar se tema, “Lifestyle by Design”, gaan oor vryheid, om jou tyd jou eie te maak en 'n toevlug in jou huis te skep. Kyk by verskeie uitstallings wat is nuut in die dekorbedryf en herlaai jou batterye by een van die kafees of kroë. Kry al die besonderhede by



decorex.co.za. Kaartjies kos R95 vir volwassenes, R85 vir studente en pensioentrekkers en R20 vir kinders onder 12. Kry joune by itickets.co.za en skakel 011 549 8300 vir nog inligting.

Saamgestel deur Suné Esterhuizen

Stuur dagboeknuus minstens drie maande vooruit na dagboek@tuis.co.za.

Maart-flitse

1–7: Art.b Gallery, die kunsvereniging van **Bellville**, bied aan: *Double Vision 2020* – 'n visuele-kunsuitstalling met Tiaan van Deventer as kurator. Vir inligting, besoek artb.co.za of skakel 021 917 1197.

4: Raak kreatief met Annie Sloan-krytverf by 'n werksessie saam met Rosalinda Design in Brooklyn, **Pretoria**. Dit kos R600, materiaal en verversings ingesluit. Skakel 087 943 5450 om te bespreek.

5: Koop kuns en mooigoed by die Upper Bree Street Market in **Kaapstad**. Skakel 021 422 0566.

5–8: Geniet honderde stalletjies, pretparkritte, 'n lugskou en meer by die 34ste **Randfontein**-skou. Kry kaartjies vanaf R80 by randfonteinshow.co.za of skakel 011 412 2878.

6: Die jaarlikse buitelugfees op die Longridge-wynlandgoed buite **Stellenbosch** spog met 'n smullekke sesgangmaal deur die sjef Maritz Jacobs saam met wyne wat die keldermeester, Jasper Raats, self uitgesoek het. Kaartjies kos R975 per persoon by quicket.co.za. Skakel 021 855 4082.

7: Kies koers na Genevieve MCC by **Botrivier** vir hul Proe-partytjie. Maak kennis met die 2020-oes, proe die ouer oesjare en sit aan vir 'n heerlike oesfees. Kaartjies kos R450, maar is beperk; skakel 083 302 6562 om joune te bespreek.

13: *April se Tuis is op die rakke!*

19–22: Die jaarlikse **Wakkerstroom**-musiekfees is 'n hoogtepunt vir liefhebbers van klassieke musiek. Die feesprogram sluit barok-, kamer- en klaviermusiek, asook kombinasies met jazz in. Sien die program en koop kaartjies by wmfestival.co.za.

21: *Menseregte*dag

27–28: Vier die oes by Spier Harvest of the Arts in **Stellenbosch**, 'n betowerende aand


met musiek, sang en dans. Kaartjies kos R150 vir volwassenes en R60 vir kinders; bespreek by webtickets.co.za. Skakel 021 809 1100.

29: Besoek die Rooy-kosmark en -kattbakverkoop in die Van Rooyen-saal in **Potchefstroom** vir eetgoed en handgemaakte mooigoed. Besoekers kan ook uitsien na lewende musiek. Skakel 079 918 2092 vir besonderhede. 📍



Jou kultuurtuiste in die Klein Karoo!

23-29 MAART 2020 • OUDTSHOORN



Word deel van die
ReWOLusie!
Skenk wol of brei
self, en verfraai
die dorp vir 'n
rojale fees.


Meer inligting by
www.kknk.co.za/rewolusie




MEDIA 24
K kykNET

KLEIN KAROO NASIONALE KUNSTEFEEES

Program beskikbaar by
www.kknk.co.za



Kaartjies beskikbaar by





wat's nuut

Saamgestel deur **Shané Barnard**



SKEP EN INNOVEER!

WIE Lebogang Sadiki
WAAR Pretoria

BESIGHEID S'frica Lamp Designs
HAAR WERK Lebogang Sadiki, 'n gekwalifiseerde rekenmeester, het 'n uitlaatklep vir haar kreatiwiteit gesoek; toe begin sy kontemporêre wasgedrukte lampkappe ontwerp en maak. Sy het S'frica Lamp Designs in November 2019 begin, en in haar skeppings gebruik sy die treffende, kleurrike ontwerpe van Suid-Afrika se etniese groepe – van die Ndebele tot die Xitsonga. Haar reeks sluit lampkappe (vanaf R250), asook staanders van hout en keramiek in. Besoek safricalampdesigns.co.za om meer te sien en pasgemaakte ontwerpe aan te vra.



Die meubelvervaardiger Coricraft het 'n nuwe reeks lieflike meubels vervaardig saam met Hertex en Home Fabrics. Dit spog met 'n verskeidenheid grafiese motiewe, luukse lap en geblomde borduurwerk. Die ten volle gestoffeerde Stella-stoel in Magnolia Sky-lap van Hertex (R9 999) is nou in hul winkels. Sien coricraft.co.za vir nog inligting.

Ons is dol hieroor!

Sit iets spesiaals voor in dié delikate bakkie met handgeverfde voëlnes-detail (R500) van Toinette Lindley. Besoek tlc-ceramics.co.za.



Uit Lapland

Die nuwe Resort-reeks van Home Fabrics is geïnspireer deur wêreldwye tendense, soos botaniese motiewe, geometriese patrone en speelse ontwerpe – perfek vir gordyne of sagte meublement met 'n prettige kinkel. Besoek homefabrics.co.za.

- 1 Malian Geo Fern (R1 220/m)
- 2 Honeycomb Teal (R1 170/m)
- 3 Gecko Olive (R890/m)
- 4 Creative Flow Lapis (R1 370/m)

Tjhoko Paint het pas 'n nuwe reeks van 36 stensils bekend gestel. Dit wissel van 'n A6-grootte (R54) tot 90 x 60 cm (R550). Sien die hele reeks by tjhokopaint.co.za.





Maak jou slaapplek droommooi met luukse katoenbeddegoed van Volpes. Die lap kry 'n besondere tekstuur deur dit vooraf te “klipwas”; daarom is dit troetelsag met 'n informele sjarme. Die reeks is beskikbaar in vier gedempte kleure (vanaf R799), perfek vir 'n nuwe seisoen. Sien meer by volpes.co.za.



Die slaapkenners Vencasa het pas hul Velfont Respira Waterproof & Hyper-Breathable-reeks paslakens en kussing-beskermers (vanaf R350) bekend gestel. Dis gemaak van ekstra-sagte organiese suiwer katoen en belooft 'n heerlike nagrus. Kyk aanlyn by vencasa.co.za.



WINKELS TOE

Wat begin het as 'n WhatsApp-lys van tweedehandse meubels wat Marlene Stofberg onder vriende versprei het, is nou 'n instelling in Dorpstraat, Stellenbosch. Malhuis, 'n vintage-meubel-en-dekorwinkel, spesialiseer in opgeknapte meubels, gordyne en boumateriaal, asook plaaslike stoffeerlap wat nuwe lewe gekry het nadat dit gekleur en gewas is. Besoek die winkel in die Black Horse-sentrum of stuur e-pos na m.stofberg@me.com.

AANPASBARE OPLOSSING

Dié modulêre rakstelsel van Wheatley Furniture Studios is maklik verstelbaar sodat dit saam met jou behoeftes kan groei. Dis te kry in 'n verskeidenheid materiale, onder meer hout en staal, en jy kan die rak-eenhede, uitstalbokse en stutte (vanaf R750 per paar) op eindelose maniere rangskik. Besoek wheatleystudios.com.



kopies

Kers in 'n blik met 'n tulp-en-magnolia-geur (7 x 5,5 cm)
R39,99, Crazy Store

Plantes & Parfums Marseilles- vloeibare seep met roosgeur R199, @home

Vanieljegeur-kers
(9 x 10 cm) R159, Yuppiechef



Verander jou huis in 'n kalm oase met geurkerse, -verspeiders en kamersproei.

Saamgestel deur Shané Barnard

Gee jou dekor

Koper-kandelaar
(290 mm)
R480, Knus

Lavendula-linnesproei
R119, Volpes

Keramiek-geurverspreider met eikehoutbasis
(10 x 5,5 cm)
R389, Wick



Badolie met die geur van malvas, roosmaryn en suurlemoen R290, Mies


Handgemaakte olyfseep met 'n rooibosgeur
R55, Darling Olives

Clifton Beach-geurkers
(9 x 8 cm)
R320, Knus

Mia Melange-planthouer (middelslag) R355, Plantify


Amalfi-mini-kershouer van keramiek R39,99, MRP Home

VERSKAFFERS @home 0860 834 834, home.co.za **Babylonstoren** 021 300 3919, shop.babylonstoren.com **Crazy Store** 086 111 1281, crazystore.co.za **Darling Olives** 022 492 3171, darlingolives.co.za **Knus** 087 550 7600, knus.co **Mies** 073 502 7325, miesetc.com **MRP Home** 0800 212 535, mrphome.com **Plantify** 065 161 2215, plantify.co.za **Volpes** 041 402 6834, volpes.co.za **Wick** 076 165 7004, wickfrances.com **Yuppiechef** 0861 702 4969, yuppiechef.com



African Sunset-
geurverspreider
R249, Volpes

Plantes & Parfums-
skoonmaakmiddel met
essensiële suurlemoenolie
(1 liter) R299, @home



Soho Vine-kershouer
van porselein
R139,99, MRP Home



Waterblommetjie-
badolie (1 liter)
R750,
Babylonstoren



'n lagie geur!

Sakkies met sitroengrasgeur
R59,99 (pak van drie),
MRP Home



Musgrave Pink
Gin-geskenkpak
met roosgeur-
kers R459,
Yuppiechef



Green Moss-seep (250g)
R180, Babylonstoren



VERSIER 'n tafel

Deur Suné Esterhuizen • Foto's Francois Oberholster
Stilering Aleit Swanepoel

Die sementvoorkoms is hoogmode. Versag dit met blomme en tikkies silwer en goud vir elegansie sonder moeite.



'n Soliede plan

Beton-afwerkings ry steeds die dekorgolf – nie net vir badkamer- en kombuisblaaie, teen mure of op vloere nie, maar ook as dit kom by meubels en dekor.

“Dis die rou, ongekunstelde voorkoms van sement wat huiseienaars aantrek,” sê Johan Coetzee, die eienaar van World of Decorative Concrete (WODC) wat dié stylvolle stoep tafel met 'n betonblad vir die funksiebeplanner Aleit Swanepoel se huis in Somerset-Wes gemaak het (*sien sy tuin op bladsy 92*).

“Beton werk goed saam met glas, metaal, linne en selfs papier,” verduidelik Aleit. “Dis die ideale medium as jy kontras wil skep tussen harde en sagte elemente.”

Om dit te illustreer het hy verskillende sementvoorwerpe soos beelde, rame, onderborde – en selfs kerse met 'n sementvoorkoms – op dié lieflike tafel gebruik. Te mooi vir woorde!

Jy kan dié pragtige tafel (*links*) van World of Decorative Concrete wen. Kry die besonderhede op bladsy 99.

'n Weelderige goue stoel wat Aleit jare gelede by Cape to Cuba in Kaapstad gekoop het, is buitentoe gedra om atmosfeer te skep. Hier het hy dit gekombineer met die stoele van 'n ou smeester-stoepstel.

Gedroogde krismisrose kan in enige seisoen gebruik word en 'n ligte laag spuitverf sal die kleure lieflik laat uitstaan.

ALEIT SE WENKE VIR 'N AANDKUIER IN DIE BUITELUG

- Indien jou kombuis ver van jou onthaalarea is, is dit belangrik dat jy jou kos vooraf berei – jy moet immers met jou gaste meng, nie in die kombuis besig wees nie. Of laat die kosbereiding 'n spanpoging wees.
- Lapservette is tydlous en elegant – en dis minder geneig om in die geringste briesie weg te waai.
- Indien jy 'n tafeldoek gebruik, oorweeg aanknip-gewiggies wat die doek op sy plek hou sodat 'n windvlaag nie al jou harde werk ongedaan maak nie. >>

Foto Willem Botha vir kykNET

Aleit versamel ou trofee van tweedehandswinkels. Hy vul dit met blomme om kontras te skep met die harde sement-oppervlakke.

Die spieëls teen die muur is tweedehandse vondste. 'n Kruipvy sal mettertyd die muur toegroei en nog sagtheid aan hierdie buiteruimte verleen.



Dekoratiewe detail

Johan het 'n gietvorm gebruik om 'n stel stylvolle onderborde te maak met WODC se Quickset Concrete, wat binne 'n uur droog word. Aleit het elke plek afgerond met 'n eenvoudige wit servet en goue eetgerei wat hy op 'n speelse manier gerangskik het. Eetborde pas knus in die onderborde.

Metaal-items, soos messegod en kersblakers (*bo en links*), rond die prentjie af. "My nuwe ding is om goud en silwer te kombineer," sê hy. "Goud is groot nuus dié seisoen en ek gebruik dit waar ek kan. Dit verleen 'n tikkie nostalgie aan enige ruimte."



Johan bied sementdoop-klasse aan by sy fabriek in Brackenfell, Kaapstad, en sê enigiets kan gedoop word om dit 'n sementagtige voorkoms te gee. 'n Roos wat in sement gedoop is, sal vir ewig hou!

KENNERSRAAD

'n Grys area

Johan Coetzee van World of Decorative Concrete beantwoord 'n paar vrae:

Wat is die verskil tussen sement en beton?

Al word die terme sement en beton dikwels as "sinonieme" gebruik, is sement eintlik 'n bestanddeel van beton; dit is die "gom" wat die sand en aggregate bymekaarhou. Beton is 'n mengsel van sand, gruis of klip, sement en water. Sement word meestal gebruik vir pleister- en messelwerk, terwyl beton gewoonlik gebruik word om vloere te gooi of balke, trappe en pilare mee te bou.

Mat of glansafwerking?

Wanneer jy met beton werk, is 'n mat afwerking gewoonlik meer verkieslik, want dit gee 'n meer natuurlike gevoel. Sou jy 'n glansafwerking verkies, kan jy die oppervlak laat skuur en poleer, of 'n hoëglans-verseëlaar aanwend. 🏠



KONTAKTE WODC 021 982 0006, wodc.co.za
Aleit Swanepoel 021 007 2739, aleit@aleit.co.za

Aleit het 'n sement-afgietsel van sy hande by WODC laat maak – dis nou 'n dramatiese fokuspunt as kershouer.

Sementbykomstighede gegiet en gedoop deur WODC





Verf só slim, jy sal jou leefstyl daarby wil aanpas.

Duram se nuwe Habitat Colour Collection is 'n uitsoek-palet vir die hedendaagse woning. Die 90 ontwerperskleure wissel van subtiele aardse neutrale tot donker ink-skakerings, wat dit nou makliker as ooit maak om die gepaste kleur vir jou leefruimte te kies. Word geïnspireer deur Duram se ryk gepigmenteerde verwe vir binne en buite met diepte in kleur, luukse afwerkings en topgehalte resultate, wat boonop áltyd stylvol lyk.

Vra vir Duram by jou plaaslike hardewarewinkel. Die verf wat slim ontwerp is om stylvol te lyk.

Elke kleur is te koop in 'n gerieflike en bekostigbare 90ml Colour Sample by uitgesoekte winkels. Die kleur en glans van droë verf kan verskil van dié in die advertensie.

Duram
SMART PAINT



Lize-Marié het 'n oog vir kleur, en is veral lief vir blou en groen. "In my huis moet daar altyd kleur wees! Dis hoe ek die voorkoms van 'n vertrek verander."

GEMAKLIKE elegansie

Tussen die keurige versameling meubels en hartsgoed in dié huis kan jy gerus maar jou skoene uitskop.

*Deur Shané Barnard
Foto's Donna Lewis
Produksie Marian van Wyk
Assistent Malizo Masumpa*

WIE WOON HIER?

Lize-Marié en Mias van der Westhuyzen en hul kinders, studente Mia en Mieke-Marié, en Willem (15)

WAAR Mostertsdrift, Stellenbosch

GROOTTE 500 m²



Dis in die detail

Ronde vensters hier en daar was 'n spesiale versoek tydens die huis se ontwerp.



Ná jare in 'n ou huis met donker houtafwerkings en -vloere het Lize-Marié en Mias van der Westhuyzen gevoel dit is tyd vir 'n verandering. Die huis in Stellenbosch se middedorp het boonop te knap geword vir die gesin van vyf, en rondom hulle is die bure se huise een ná die ander in studentewonings omskep.


Toe hulle 14 jaar gelede 'n erf te koop sien reg langs die Jan Marais-natuurreservaat, het hulle geweet – hiér kan hulle hul droomhuis oprig. Daar was net 'n klein huisie, “vierkantig soos 'n broodblik”, heel voor teen die straat, vertel Lize-Marié. “Niemand het eintlik geweet hoe groot die erf is nie, want dit was heeltemal oorgroei agter. Toe ons begin skoonmaak, was die baie ruimte 'n heerlike verrassing.”

Die ou huisie met sy twee slaapkamers was erg verwaarloos en die gesin wou juis ruimte hê. Daarom het die Van der Westhuyzens by Marcus Smit van Marcus Smit Jacobs Architects aangeklop om hul nuwe vierslaapkamerhuis te ontwerp. Mias was vertrouwd met Marcus se werk en het geweet hy deel die gesin se stylvoorkeure.


Sementvloere, staalraamvensters en baie lig was alles op die wenslys vir hul nuwe droomhuis.

Die bestaande struktuur is platgeslaan en die bouwerk kon in Julie 2006 begin. Marcus het skuins sinkdakke voorgestel, wat heelwat ekstra ruimte op die boonste verdieping beteken en boonop 'n treffende ontwerp-element is. Die staalraamvensters sorg vir oorgenoeg natuurlike lig in die vertrekke, en bied ook lieflike uitsigte op die Jan Marais-park en Simonsberg in die verte. >>

Die Dover-smeulkaggel, een van drie in die huis, is baie nuttig tydens die winter. Die betonvloere is met 'n gewone sementlaag afgevlak en toe behandel met 'n UV-bestande poliuretaanlaag wat verhoed dat die sonlig dit vergeel.



'n Kombinasie van sweefrakke en laaie bied oorgenoeg pakplek in die praktiese kombuis. Al die kaste teen die mure het 'n werkvlakke van vlekvrystaal.



Stoeltjies van Arabesque

Die ruim kombuiseiland is perfek vir wanneer die gesin hier kook en kuier. Dit het 'n eenvoudige betonblad met dieselfde poliuretaan-beskermlaag as die vloere. "Dis prakties en maklik om skoon te maak," verduidelik Lize-Marié.

Muurhorlosie van MRP Home



'n Hoekie tussen die voordeur en die kombuis se ingang bied hangplek vir handsakke en ander losgoed.



Die staalraamvensters is meestal in kostedoeltreffende standaardgroottes gekies, behalwe dié wat later pasgemaak is vir die stoep.

Binne, maar ook buite

Die Van der Westhuyzens geniet die buitelug en gaan stap byna daaglik met hul Jack Russell-terriër, Lucky, in die Jan Marais-park reg agter die huis – 'n hekkie in die tuin maak direk op die park oop. “Ons is dol oor die ligging. Die kinders kon almal na die nabygeleë laerskool stap, en nou ry my jongste sommer fiets hoërskool toe. Elkeen kom en gaan teen hul eie pas.”

Op enige oomblik gedurende die dag – en enige tyd van die jaar – sal jy minstens een van die gesinslede op die stoep aantref. “Hier kuier ons van die môre tot die aand,” vertel Lize-Marié. “In die somer bied die groot vensters skuiling teen die suidooster, en in die winter bly dit tot laatmiddag lekker warm, ondanks die sementvloer.”

Die stoep het aanvanklik net tot langs die braaiplek gestrek, maar omdat dit die gesin se gunsteling-kuierplek geraak het, wou Lize-Marié graag plek vir 'n eetkamertafel hier hê. Die sementvloer is toe op 'n kreatiewe manier met dwarslêers vergroot – dit gee nou ekstra tekstuur aan die vertrek, net soos die dakstruktuur met sy latte-plafon.

Dit was eers einde 2018 dat hulle die stoep toegemaak het met pasgemaakte staalraamvensters wat by die res van die huis pas.

“Dis heerlik om hier te sit en te voel jy is in die tuin,” sê Lize-Marié. >>



Daar is oorgenoeg kuierplek op die stoep, reg langs die kombuis. Baie van die meubels is tweedehandse kopies of erfgoed; van die stoele kom uit die ou poskantoor op Stellenbosch en spog nou met nuwe lap. Pasgemaakte vensters deur Jambmax



Dié kuierkol aan die kant van die huis (*onder*) is gerieflik beskut teen die suidooster. Voordat die stoep toegebou is, het die Van der Westhuyzens gereeld hier gebräai; nou bied dit privaatheid vir die kinders wanneer hulle vriende oornooi. Lize-Marié het die Adirondack-stoele laat maak en toe in haar gunsteling-skakering groen geverf.



Vanuit die ruim oopplan-hoofslaapkamer en suite het Lize-Marié en Mias die mooiste uitsig oor die Jan Marais-park. Hier, op die boonste verdieping, is die sementvloere met wit epoksi (ook UV-bestand) behandel. “Ons het eers ’n ander epoksi-laag gekies, maar alles het vergeel weens die son,” vertel Lize-Marié. Die skoorsteenpyp van die kaggel op die onderste verdieping help om die hoofslaapkamer warm te hou in die winter.

Mat van Superbalist



[LIZE-MARIÉ SE DEKORWENKE]

- Moenie sommer net nuwe goed koop nie; gebruik wat jy het en doen iets nuuts daarmee.
- Jy hoef nie bang te wees vir kleur nie! Deur net ’n meubelstuk se kleur te verander, lyk dit weer soos ’n nuwe ding. Dis ’n wonderlike manier om ’n vertrek se styl te verander.
- Meubels moet mooi wees, maar ook prakties.
- Die goed wat jy uitstal, moet jy daaglik gebruik, anders gaar dit net stof op!

Kreatiwiteit in hul DNS

Lize-Marié, een van die stigterslede van die gewilde mark KAMERS/Makers, se kreatiewe flair is duidelik te bespeur in haar meubels en dekorkeuses. Die heel eerste KAMERS-mark was in hul vorige huis. “Dit was so heerlijk intiem daardie eerste jaar of twee. Ek het sommer die huis leeg gedra en die uitstallers het elkeen hul eie hoekie gehad.”


Mias, ’n entrepreneur en sakeman, deel sy vrou se passie vir mooimaak en het self al van sy handgemaakte spieëls by die markte verkoop. “Ons vul mekaar goed aan wat kreatiwiteit betref,” sê Lize-Marié.

Iets van dié markgevoel is steeds duidelik in die Van der Westhuysens se huis. Van die voordeur tot by die verste vertrek op die boonste verdieping is mooigoed en meubels keurig gekombineer – tog is daar nêrens oordadig nie. Die huis se eenvoudige lyne en industriële elemente is die ideale verfoek

waarop Lize-Marié haar voorliefde vir tweedehandse meubels, ougoed en kleur kan skilder. Elke meubelstuk is met sorg uitgekie, pasgemaak, geverf of herstoffeer. “My passie is om goed te vat wat niemand wil hê nie, en iets moois daarvan te maak. Ek koop nie sommer nuwe meubels nie,” vertel sy. “Ek verf of stoffeer liever ’n ou ding, of skuif dit van een vertrek na ’n ander sodat dit weer anders lyk.”

Spatsels blou en groen is oral te sien en vorm ’n deurlopende tema saam met die houtmeubels. Verskillende teksture skep ook interessante kontras in die huis – van ’n ontblote baksteenmuur by die vuurmaakplek tot ’n fokusmuur wat subtiel met sinkplate beklee is, en natuurlik die sementvloere deur die hele huis.


Lize-Marié vertel sy het aanvanklik ’n meer moderne aanslag vir die dekor oorweeg om by die industriële gevoel van die huis te pas. “Die moderne styl is vir my ook baie mooi, maar ek sal nie so kan leef nie. Ek is te lief vir ougoed!” >>



Die hoofslaapkamer se spierwit en suite komplementeer die rustige kleurskema van die hele oopplan-vertrek.





Dié kassie was deel van 'n uitstalling by KAMERS/Makers in Pretoria en bied nou pakplek vir al Lize-Marié se snuisterye.



In Willem se kamer het Mias hortjies aan skuifrelings gehang sodat die vensters kan toeskuif wanneer dit bloedig warm word.





Deur die huis kontrasteer die houtmeubels lieflik met die industriële sementvloer. Die eetkamertafel van Oregon-dennehout is gemaak van dakbalke uit die oorspronklike huis op die erf sodat iets van sy geskiedenis bewaar kon bly. Die wasbaktafel in die gastebadkamer (*oorkant*) is ook van dié balke gemaak. Hier het Lize-Marié dramatiese donkergrys gekies vir die mure. >>

Die groen geverfde kopstuk in Mieke-Marié se kamer kom van die winkel Nest, wat intussen toegemaak het. Daarbo hang een van Mias se spieëls.



Mia, 'n student in grafiese ontwerp, se kamer is eenvoudig en helder. Haar 88-jarige ouma het die deken as 'n geskenk vir haar gemaak. Die plafon van eenvoudige sinkplate verleen pragtige tekstuur aan die ruim vertrek.



Dié badkamer met sy klassieke swart en wit teëls is tussen die twee dogters se kamer op die boonste verdieping. Teen die muur langs die oop stort is nog een van Mias se handgemaakte spieëls. 🏠



WIE WOON HIER? Debbie Luke,
haar dogter, Summer, TT die kat en
Bumper die hasie

WAAR Parkhurst, Johannesburg

GROOTTE 200m²

Die portaal maak oop op die
oopplansitkamer, met Debbie se
tuiskantoor agter die trap. Sy het
drie verskillende matte gebruik
om lae tekstuur te skep.

Nadat Debbie Luke 'n halfklaar huis in 'n pragtige woning omskep het, was sy vuur en vlam vir 'n nuwe loopbaan in binneontwerp.

'n Oog vir ontwerp

Deur Dina Venter • Foto's Elza Cooper • Stilering Amanda van Wyngaardt



Dis in die detail

Debbie het 'n treffende fokuspunt in die sitkamer geskep deur een helfte van die muur met houtskool dakverf te verf.

Ma en dogter bring graag tyd saam in die sitkamer deur. Afdrucke van MRP Home, Superbalist en Day Feels, asook 'n skets wat Debbie self gedoen en laat raam het, rus op 'n muurlys.

Vibia Ameba-hanglig van Streamlight; koffietafel van Amatuli; die mat is in Marokko gekoop

Debbie Luke en haar destydse lewensmaat, Tim Apter, het in 2013 begin huis soek en dis toe dat hulle afkom op 'n halfklaar huis in Parkhurst, Johannesburg. "Blykbaar het die bouer met die projek se geld verdwyn en moes die eienaars die huis sonder toebehore en afwerkings verkoop," verduidelik Debbie.

Niks was veilig of volgens spesifikasies nie en sonder 'n okkupasie-sertifikaat kon Debbie en Tim nie 'n lening kry nie. "Daar was mure, 'n dak en 'n paar pragtige hortjies, maar g'n loodgieterswerk, sanitêre ware of vloerbedekkings nie – die huis was eintlik net 'n leë dop," sê sy.

Die paartjie het 'n goeie prys beding en dadelik ingetrek. "Agterna beskou weet ek nie hoe ons oorleef het nie – maar ons het! Ek onthou hoe bly ek was toe ons uiteindelik 'n kombuiswasbak met lopende water gehad het. Ek is nie seker wat ons gedink het nie; dis seker maar wat entoesiasme aan 'n mens doen."



Die sement-kombuiseiland is ongepoleer en skakel daarom goed in by die ruheid van die oop rakke gemaak van ou steierplanke.

Saadjie geplant

Debbie het nog altyd 'n oog vir ontwerp gehad. As kind het sy gedurig haar meubels rondgeskuif, haar kamer geverf en dit telkens van voor af mooigemaak. By haar vorige werk het hulle op 'n keer kantore geskuif, en Debbie onthou hoe sy meubels op skaal gemaak het om vir haar baas te wys hoe die nuwe kantooruitleg moet lyk. "Hy was stomverbaas," sê sy laggend. "Ek het gedink dis maar hoe dit gedoen word; ek het nie besef ek kyk anders na uitleg en estetika as ander mense nie."

Om die projek op dreef te kry het Tim vir Debbie volle beheer gegee. "Ek het nog nooit vantevore so iets aangepak nie, maar ek dink hy kon my passie en selfvertroue aanvoel," sê sy. Debbie het met hart en siel ingespring – sodanig dat sy op die ou end haar werk as televisie-vervaardiger laat vaar het.

Kort daarna, toe vriende begin aanklop vir hulp by hul eie huise, het Debbie besef binneontwerp is haar ware passie. "Die projek het op die regte tyd gekom: Ek het genoeg lewenservaring, kennis en volwassenheid gehad om 'n onderneming in 'n onbekende bedryf te begin." >>

In die badkamer op grondvlak (onder) staan 'n klipwasbak op 'n blad van gegote beton; die spieël is 'n erfstuk.

Wasbak van Amatuli; handdoekreling en mat van MRP Home



Debbie het 'n konsoletafel vir die portaal ontwerp en deur 'n vakman laat maak van vierkantige staalpyp en Enduro Quartz. Hanglamp van Amatuli

Dis in die detail

Debbie het dié stomp in die straat opgetel terwyl 'n span besig was met bome afkap.



Debbie het die groot Persiese mat in die eetkamer teen 'n winskoop op 'n veiling gekoop. Teen die muur is 'n spesiale plek vir Polaroid-kiekies. "Summer hou daarvan om ons herinneringe teen die muur te plak, en ek gee nie om hoe deurmekaar dit lyk nie – dit neem ons gedagtes terug na spesiale tye wat ons saam geniet het," sê sy.

Hanglig van Amatuli; stoele van Weylandts

Die uitleg

Omdat die huis so ruim is, kon Debbie dit onderverdeel en die helfte daarvan verhuur vir 'n inkomste. Sy het die ruimte só ontwerp dat sy van straatvlak af deur die motorhuis toegang het tot die voorportaal, wat lei na 'n kantoor en sitkamer in 'n oopplanontwerp. Dié deel maak oop op die tuin en swembad.

Op die vlak daaronder is 'n oopplankombuis-en-eetkamer, Summer se kamer en 'n gastebadkamer. Die tuin is in terrasse aangelê sodat die onderste vlak ook op 'n ruim binnehof oopmaak.

Bo die sitkamer is die hoofslaapkamer met sy oopplan-badkamer, instapkas en klein balkon met 'n uitsig oor Parkhurst se blaredak.

Debbie se huis is heeltyd aan die verander en daar is nog baie planne wat sy wil uitvoer. “Op die oomblik is ek besig om self die swembad in 'n eko-swembad te omskep en op die ou end wil ek die kombuis boontoe en my kantoor ondertoe skuif sodat ek ná ure en naweke heeltemal kan afskakel.”



Die afwerking


Debbie hou van natuurlike, outentieke interieurs. “Ek herwin graag en vind nuwe nut vir ougoed. Onvolmaaktheid en ’n bietjie ruheid is vir my treffend en dapper.”

Dit is duidelik te sien in haar keuse van afwerkings. Sy het elke bouer in die omgewing gebel op soek na ou hout-steierplanke om as oop rakke in haar kombuis en studeerkamer te gebruik. Dit was ’n uitdaging, aangesien steiers deesdae meestal loopvlakke van metaal het.

“Aanvanklik wou ek hê al die hout moet dieselfde kleur wees, maar toe die planke begin inkom, was party blou en groen geverf en het ek maar besluit om dit net so in te span.”

Die kombuiseiland van beton is ook grof en ongepoleer. “Die kontrakteur wat dit gegiet het, kon nie verstaan hoekom ek nie wou hê hy moet dit glad en blink maak nie, en het dit toe in elk geval begin poleer. Ek het hom dit laat oorskuur om weer die klip te ontbloom – en ek dink dis nou pragtig.”

Debbie het met haar ongewone keuses ’n treffende dog praktiese geheel geskep. Die uitleg van die oopplan-badkamer in die hoofslaapkamer skep dadelik ’n ontspanne atmosfeer. “Ek kan selfs vir Summer in die bad dophou terwyl ek op die bed rus,” verduidelik sy. >>





’n Replika van ’n Barcelona-stoel reg langs die ingang skep ’n knus hoekie. Die sederhout-kanttafel is nog een van Debbie se vondste. “Ek het verbygery terwyl werkers bome afgekap het. Tot my pa se ontsteltenis het ek die hout opgetel en ’n jaar lank in sy inrit laat uitdroog.” Sy het die pote self ontwerp en gebruik soortgelyke tafels in kliënte se huise.






In die hoofslaapkamer is 'n dennehout-stutbalk donker gebeits om met die plakpapier te kontrasteer. Debbie het die leer-kopstuk ontwerp en twee groot strooikussings oorgetrek met lap van Hertex. In haar en suite (middel onder) het sy swaeltjies met 'n muurstensil geverf en in die badkamer op die onderste vlak (regs onder) is die stort net gedeeltelik toe, wat die gevoel van 'n spatvertrek skep.




Handdoekreling van Superbalist


Boonste vlak



Straatvlak



Onderste vlak



Meubels en dekor

Aangesien Debbie van 'n woonstel na 'n huis getrek het, was baie van haar meubels te klein vir haar nuwe blyplek. Buiten een of twee erfstukke het sy haar deur die ruimte – en 'n knap begroting – laat lei in haar keuses. “Baie stukke is pasgemaak. Ek moes my sente tel, maar weet nie waar ek meer kon bestee nie!”

Debbie se liefde vir onvolmaakte word weerspieël in 'n eenvoudige paletbed, houtmeubels met staalrame en natuurlike elemente reg deur. Sy het byvoorbeeld daarop aangedring om 'n dekoratiewe rots in haar badkamer te hê, maar die feit dat dit op die derde verdieping is, het sake bemoeilik. “Ek het groot planne gehad met hyskrane en die balkon, maar op die ou end het ek 'n nagemaakte klip by 'n plaaslike kwekery gekoop,” verduidelik sy.

Al het Debbie die dekor vertrek vir vertrek ingerig, vorm dit 'n samehangende geheel. Neutrale skakerings kry lewe met spatsels kleur, helder plakpapier en lae natuurlike teksture.

Debbie gee aandag aan elke deel van die legkaart, eerder as net die voltooid prentjie. “Ek dink daar kort 'n belangrike skakel tussen klant en vakman – die menslike element in elke stuk. Dit bring my groot vreugde om in my huis én werk daaraan hulde te bring.” 🏠

Met die oopplan-badkamer kan Debbie en Summer meer tyd saam deurbring. Die wasbakkas het 'n satynwit spuitverf-afwerking.

Bad van CTM

VERSKAFFERS

Amatuli 011 440 5065,

amatuli.co.za

CTM 010 003 9987, ctm.co.za

Day Feels dayfeels.co.za

Designed by Debbie 082 555 4965,

designedbydebbie.co.za

Hertex 0860 437 839,

hertex.co.za

MRP Home 0800 212 535,

mrphome.com

Streamlight 011 440 4142,

streamlight.co.za

Superbalist superbalist.com

Weylandts 0860 103 400,

weylandts.co.za

DIE PERFЕКTE kombinasie

'n Argitek het staalraamvensters, rou beton en ruwe hout gebruik in 'n aardse huis met 'n industriële kinkel vir sy gesin.

Die Raubenheimers se dogter, Tristin, het haar eie kamer versier met Ma en Pa se hulp.

WIE WOON HIER?

Warrick en Theodora Raubenheimer, hul kinders, Luke (17) en Tristin (14), en die honde Sky en Gogga

WAAR Ongegund Village, Riebeeckvallei

GROOTTE 350m²

Die voordeur, 'n dubbele staldeur, is gemaak van 100 jaar oue wynvate van Franse eikehout wat by die KWV-wynkelder uitgegooi is. Dis 'n imposante 2,5 m hoog en 1,8 m breed. Gruis was die ideale keuse vir die oppervlakte buite – dis kostedoeltreffend, maklik om te lê en verleen tekstuur.

Franse eikehout verskaf en houtdeure gemaak deur Cape Dutch Joinery;
staalwerk deur De Langekloof Ysterwerke





Met die ontwerp van sy eie huis het die argitek Warrick Raubenheimer hom telkens vasgeloop: sy planne op papier was net te bekend, 'n herinnering aan iets wat hy al voorheen gesien of ontwerp het – hoewel hy vir hom en sy gesin bitter graag iets nuut en vars wou bou.

Dit was eers toe hy en sy vrou, Theodora, begin speel het met die idee van staalraamvensters dat die stukke van die legkaart in mekaar begin pas het. Dié vensters is niks nuuts nie, maar ander ontwerp-elemente soos dik houtbalke en plafonne van rou beton het gevolg. Gou het sy droom begin vorm aanneem, en al hou Warrick vol dat hul huis nie 'n spesifieke styl het nie, verleen die treffende swart staalraamvensters beslis 'n industriële gevoel aan die struktuur.

Die paartjie het in 2017 met bouwerk begin nadat hulle 'n groot erf op die rand van die Ongegund Village aan Riebeek-Wes se buitewyke gekoop het. “Die erf kyk uit op wingerde en die lengte van die Kasteelberg, en dit was dié fantastiese ligging wat die trekpleister was,” sê Warrick. Ongegund Village was voorheen 'n myndorp van PPC Cement, maar nadat nuwe intrekkeers die bestaande huise begin opknop het, is dit deesdae 'n gewilde blyplek.

In Mei 2018 kon die Raubenheimers intrek by hul nuwe huis met sy drie slaapkamers (almal en suite) 'n oopplankombuis-eet-en-sitkamer, opwaskamer, TV-kamer, gastetoilet en motorhuis met plek vir vier rygoed. “Ons grootste struikelblok was die begroting. Nogtans was dit 'n opwindende uitdaging om iets ongewoons met imposante proporsies binne 'n begroting te skep,” sê Warrick. >>

Al die kragpunte in die hoof-leefareas word gekenmerk deur ontblote gegalvaniseerde geleipype en industriële skakelaars van gietyster en koper.



Die tuin by die huis se ingang, wat na die voordeur (bo) lei, skakel met die binnehof (regs) waarop die kinders se TV-kamer oopmaak.



'n Oopplan-leefarea beteken almal kan
saamkuier – of jy nou in die kombuis,
voor die TV, by die braaiplek of met 'n
koppie koffie op die stoep sit.
Dakbalke van Chestnut Grove Sawmills

Ek geniet hoe die natuurlike lig *by die vensters van
uiteenlopende* vorms en groottes instroom. – Warrick

Die kombuis het 'n praktiese ontwerp en omdat die gesin graag kook, maak dit deel van die leefruimte uit. Dieselfde 100 jaar oue eikehout wat vir die voordeur gebruik is, is in die kombuis gebruik vir die eiland en 'n werkblad daaragter. Die mandjies en borde teen die muur is kopies wat hulle op reise deur Afrika, waaronder Marokko, gekoop het.



Groot hoekvensters omraam die uitsig op die berg en wingerde. Die twee Art Deco-stoele het aan Warrick se ouma van Colesberg in die Karoo behoort, en die drie houtligte, gemaak van die uitgedroogde stamme van sisalbome, is die handewerk van 'n Malawiese vakman van Wildernis. >>

Staalvensterrame deur Klapmuts Windows



Argitektoniese elemente

As die argitek van sy eie huis kon Warrick 'n slag self besluite neem oor die keuse van materiale en afwerkings. “Wanneer jy vir 'n kliënt werk, word jy dikwels beperk deur moontlike konstruksierisiko's,” verduidelik hy. “Daarom was dit 'n welkome verandering om die vryheid van my eie besluite te smaak.”

Warrick het die volgende materiaal vir ouwêreldse industriële trefkrag gebruik en dit afgerond met skoon lyne:

Standaard-kleibakstene is ideaal vir 'n effens verweerde voorkoms; dis redelik bekostigbaar en lyk ál mooier hoe ouer dit word. Boonop is dit geskik vir gebruik binne en buite.

Industriële staalvensters van verskillende groottes en vorms speel 'n groot rol in die huis se sjarme. Omdat die meeste vensters so

hoog oopmaak, is dit nie maklik bereikbaar van buite nie, wat dit redelik veilig maak.

Vierkantige hout-dakbalke met ruwe houtplafonne in sekere areas dra by tot die industriële gevoel van die huis.

Die **plafonne van vooraf gegote bekiste beton** op die tweede verdieping balanseer die gladde betonvloere deur die hele huis.

Muurgemonteerde kraggeleidings en ouwêreldse skakelaars bring 'n besonderse industriële element in, terwyl gladgepleisterde binnemure keer dat die huis “te industrieel” lyk.


Buite het die stoepe staaldakke; daar is ook 'n kombinasie van I-balke, ontblote dakplate en muurgemonteerde kragpype, skakelaars en waaiers.



Die argitek en
huiseienaar
Warrick
Raubenheimer.



Die oop trap (*links*) versterk
die gevoel van ruimte en omdat
daar nie jong kinders in die
huis is nie, is veiligheid nie 'n
probleem nie.



Die gebou skakel pragtig in by sy omgewing
aan die voet van die berg. Hoewel groot,
is dit nie oorweldigend nie, danksy 'n hoë
dennebos in die agtergrond. Die windpomp
werk nie, maar verskaf 'n speelse plaas-
element.



Natuurlike dekor

Theodora, wat die dekor behartig het, sê die huis het nie veel “tradisionele” afwerkings nie. “Ons het alles so natuurlik en skoon moontlik gehou deur geen teëls en vloerlyste in te sit nie, die hout onafgewerk te los en ongepoleerde graniet en ongeverfde beton te gebruik,” verduidelik sy. “Ons wou hê alles moet natuurlik en eg lyk en inskakel by ’n gevoel van ‘minder is meer’. Ons het hout, staal, katoen, leer en beton gebruik vir ’n aardse voorkoms.”

Vir die kleurskema het Theodora inspirasie gekry in die skakerings van die omringende wingerde, berge en veld met sagte groene en gryse, en ’n moderne tinsel swart. Die meubels is ’n kombinasie van oud en nuut, en elke stuk is noukeurig uitgesoek vir ’n gemaklike,

praktiese atmosfeer in pas met die Raubenheimers se leefstyl. “Ons is gaande oor Afrika en ’n mens kan dit in ons huis sien. Ons het houtmeubels, geweefde sitsakke, matte en kussings gekoop by plaaslike vervaardigers soos Eco Furniture Design en Ashanti Design, wat ongelooflike werkskeppingsprojekte in Kaapstad bedryf.”

Die tieners het hul eie spesifieke vereistes vir hul kamers se verfkleure gehad, en die hoofslaapkamer en sy en suite het ’n wit palet wat pragtig lyk saam met die houtafwerkings. “Dis lig en helder en die warm houtaksente gee dit ’n knus gevoel,” verduidelik Theodora. “Ek kan die ruimte inkleur en opkikker met kussings, dekens en matte.” 🏠


’n Groot opening tussen die hoofslaapkamer en sy badkamer versterk die gevoel van ruimte; die idee is dat hulle dit later met ’n houtskerm kan toemaak indien hulle so voel. Die houtblad bied staanplek vir persoonlike items.

[WARRICK SE WENKE VIR GROENTJIE-BOUERS]

- Ontwerp binne jou begroting en wees eerlik met jou argitek oor jou finansiële beperkings.
- Kry raad by kenners in die bedryf.
- Moenie te veel kortpaaie kies met belangrike elemente soos die hoofstruktuur, dak, vensters en deure nie.
- Skep ’n huis wat nommerpas is vir jou en jou gesin, en sluit met trots persoonlike items in wat julle na aan die hart lê.



Grondvloer



Eerste vloer

KONTAK & VERSKAFFERS Ashanti Design 021 461 0367, ashantidesign.com
Cape Dutch Joinery 022 487 1254, capedutchgroup.co.za
Chestnut Grove Sawmills 083 489 2878, chestnutgrove-sawmills.co.za
De Langekloof Ysterwerke 082 784 4004
Eco Furniture Design 021 838 2441, ecofurnituredesign.com
Klapmuts Windows 021 875 5885, klapmutswindow.co.za
Warrick Raubenheimer 082 460 6635, wraubenheimer.co.za

#1 Beste gebruik van ruimte

Toe Sachar Pistorius en Anton Krugel in 2018 by 'n kleiner huis in Westdene, Johannesburg, intrek, het hulle besluit om hul pasgemaakte 10-sitplektafel te hou, al is die eetvertrek kleiner as in hul vorige huis. "Om die groot tafel te akkommodeer moes ons die ruimte in ons nuwe huis anders benut; daarom het ons die sit- en eetkamer omgeruil en die 'funksie' van dié twee ruimtes verander," verduidelik Sachar.

"As jy in 'n kleiner ruimte woon, laat dit jou nuut dink oor hoe jy jou geriewe ten beste kan benut. Die term 'eetkamer' kan gerus verander na 'gemeenskaplike vertrek', want ek dink baie huishoudings gebruik dit vir meer as net eet. Ons span dié ruimte in vir kuier, eet, werk en speel, en om dinge te bêre en te organiseer."

Deur **Beatrice Moore-Nöthnagel**

Foto's **Francois Oberholster
en Elza Cooper**

Stilering **Marian van Wyk
en Amanda van Wyngaardt**

Kom eet by ons

In oopplanhuise is die dae van 'n aparte eetkamer getel;
ons kyk na vyf inspirerende ruimtes...



Die voordeur van Sachar en Anton se huis maak oop in die eetkamer, wat as't ware die middelpunt van hul huis is.

Dís hoekom dit werk ...

MIDDELPUNT Die eetkamer is netjies in die middel van die huis, en net 2 m van die kombuis, die sitkamer en die swembaddeleel onderskeidelik. Daarom is Sachar en Anton nooit te ver van die aksie af nie.

RUIM Die tafel en stoele neem net 'n derde van die vloeroppervlakte in beslag, wat genoeg ruimte laat om vryelik van die voordeur na die sitkamer en kombuis te beweeg. Die vertrek bied maklik sitplek vir 10 gaste tydens 'n formele aansit-ete, of 20 pella vir 'n informele braai.

VEELDOELIG Sachar en Anton eet by een punt van die tafel, werk by die ander punt en "bêre goed" in die middel. Verskillende stoele, sommige regop en ander meer vir agteroorsit, omring die tafel van herwinde Oregondennehout-vloerplanke; laasgenoemde het wiele onder die pote vir maklik rondskuif.

DEKOR Die ruimte is eenvoudig en sonder fiemies, met 'n warm, natuurlike palet. Verskillende teksture en style gee dit diepte, terwyl kunswerke van keramiek en hout, skilderye en diervelle elk 'n storie vertel.

'n Hoë uitstallkas is perfek vir drankies, ekstra glase, vase en kerse. Die dakvenster laat natuurlike lig by die oopplan-eetkamer instroom.

Drankkas van Amatuli; tafel van Die Dot Shop; vloerlamp van La Grange Interiors



Sashar saam met die ruhaar-foksterriërs Sebastian en Charlie.

Die dientafel, wat aan Sachar se ouma en oupa behoort het, vorm deel van 'n pragtige uitstalhoek.

Potte van Liebermann Pottery



Die oopplan-kombuis langsaan kyk uit op die binnehof met sy lieflike vyeboom.



[SACHAR SE TOP-WENKE]

- Voldoende beligting van verskillende bronne, soos 'n vloerlamp, verdoerbare ligte en hanglampe, is belangrik as jy 'n knus atmosfeer wil skep. Kies gloeilampe met 'n warm wit skynsel.
- Stoele sonder stoffering is maklik om skoon te maak; jy kan altyd 'n los kussing bysit vir tekstuur en sagter sit.
- Besondere tafelversierings soos keramiekware is sjarmant en gee gaste iets om oor te gesels.
- Kies plante as 'n versagtende element.



#2 Koel kontras

Tydens 'n jaar lange opknep het Stefan Blom en Albie du Toit die dak en vloer van hulle huis uit die 1930's in Groenpunt, Kaapstad, vervang en binnemure uitgebreek om 'n oopplan-leefarea te skep met plek vir hul agtsitplek-eetkamertafel. "Deesdae kook ons net vir 'n paar gaste op 'n slag, want só kan ons beter saam met ons gaste kuier," sê Stefan.

Die oopplan-leefarea het 'n wit plafon, wit mure, wit vloere en meestal wit meubels. "Wit is vir ons so kalmerend," sê Stefan. "Ons wou 'n ruimte inrig waar mense eenvoudig kan asem skep en vryelik en gemaklik rondbeweeg. Die agtergrond moenie inbreuk maak op die ete of die gaste se aandag aflei nie ... Trouens, wit is dikwels die ideale agtergrond vir groot persoonlikhede!"

Dís hoekom dit werk ...

NET WIT Danksy die palet is die ruimte lig en helder. Die tafel is pasgemaak en wit geverf, terwyl die stoele en kandelaber wit gespuitverf is.

'N SPATSEL KLEUR In dié oorwegend wit ruimte verleen sitplekke gestoffeer in verskillende kleure 'n prettige kinkel.

KUNSWERKE Stefan en Albie versamel Suid-Afrikaanse kuns; interessante stukke wakker altyd goeie gesprekke aan, maar die gashere glo vas dat die fokus altyd op die persoon voor jou moet wees.

GOEIE VLOEI Dié ruimte is gesellig, met goeie vloei tussen die leefarea en kombuis. Die paartjie beskryf dit as 'n ruimte waar "almal net op hul gemak kan wees". >>

[STEFAN EN ALBIE SE TOP-WENKE]

- Moenie alles sommer net grys verf nie: Dit werk dalk in 'n slaapkamer omdat dit jou kan help slaap, maar dis vervelig vir die lewe!
- Dink versigtig oor die vloei tussen areas vir kook en kuier.
- Vra jouself af: Is die ruimte aanloklik? Jou onthaalplek moet verwelkomend en samehangend wees.

Skildery deur Vanessa Berlein; stoele en kandelaber van Delos; fluweel-stoffering van bbellamy & bbellamy; swart poef van Weylandts

THE sofaworx COMPANY

LOUNGE SUITE MANUFACTURER

Quality, Comfort and Style




Boston L-vorm
Vanaf: R17,195 (lap) R28,495 (leer)

Caribbean



Vanaf: R5,995 (los oortreksel), R6,995 (gestoffeer)
Lengte: vanaf 1.70m

Nirvana



Vanaf: R8,895 (lap), R15,595 (leer)
Lengte: vanaf 2m

Chivonne Mini



Vanaf: R7,595 (lap), R13,595 (leer)
Lengte: vanaf 1.90m

Martini L-vorm



Vanaf: R12,995 (lap), R17,295 (leer)
Grootte: 160 x 240cm

Marseille



Vanaf: R14,595 (lap), R19,995 (leer)
Lengte: vanaf 1.9m

Sarah L-vorm



Vanaf: R12,495 (lap), R19,995 (leer)
Grootte: 160 x 220cm



Hampstead Eetkamertafel
Vanaf: R17,295 (2.4m)

Bentley



Vanaf: R3 095

Branson



Vanaf: R2 495

Lauren



Vanaf: R2 595



Albany Eetkamertafel
Vanaf: R16,295 (2.4m)



Zell stoel
Vanaf: R6 395



Sarah stoel
Vanaf: R5 495

BANKE MET LOS OORTREKSELS R5 995

Fourways: Shop G5.3 Cedar Square, Cedar road, Fourways, JHB, +27 11 100 4792
Greenpoint: Cnr Alfred & Hospital Str, Harbours Edge Building, Greenpoint, +27 21 418 0363
Durbanville: D'Urban Square, 26 Bella Rosa Str, Rosenpark, Durbanville, +27 21 914 7090
Westlake: Shop 5, Westlake Lifestyle Center, Westlake, +27 21 702 0351
Factory Shop: Unit L, Kasselsvlei Industrial Park, Glucose Rd, Bellville, +27 21 951 6729
www.sofaworx.co.za | info@sofaworx.co.za | follow us on [f](#) [ig](#)

DIREK VAN DIE FABRIEK NA JOU

*prices are subject to change, Terms & Conditions apply

#3 Werk én plesier

'n Formele eetkamer is die laaste ding wat Kay en Ross Lindsay wou hê toe hulle die huis in Clovelly, Kaapstad, waar hulle al 24 jaar woon, vernuwe het. Dié eienaars van die Kaapstadse rolverdelingfirma Kayos wou eerder 'n ruimte inrig waar hulle kan “werk, eet en uitspan”.

“Ons het net enkele struktuurveranderinge gemaak, maar die sit- en eetkamer omgeruil sodat die eetkamer reg langs die kombuis is. Op dié manier kon ons 'n tipiese oopplan-leefruimte skep,” verduidelik Kay. “Ons wou 'n vertrek ontwerp wat mense innooi, soos die sitkamer altyd gedoen het. Maar omdat dit ook 'n gemaklike werkspasie moes wees, maak die muureenheid ook voorsiening vir kantoortoerusting soos 'n drukker. Dis waar ons leef en werk, en ook vriende en familie om die eetkamertafel onthaal.”

Buiten dakvensters vir meer natuurlike lig het die paartjie ook 'n eiland in die kombuis reg langsaaan ingesit. “Die res is deur net verf en plakpapier bewerkstellig,” sê Kay.

Dís hoekom dit werk ...

EILANDSTYL Die nuwe kombuiseiland beteken meer toonbankspasie én pakplek – boonop word dit ook as kroeg gebruik. “Dis 'n wonderlike ruimte waar ons saam kos kan berei terwyl ons steeds met gaste in die eetkamer kan gesels,” sê Kay.

KNUS EN WARM Omdat die huis suid front en hoë plafonne het, word dit baie koud in die winter. Twee kaggels – een in die sitkamer en een in die eetkamer – hou die huis heerlijk warm.

LIG EN HELDER Die Lindsays het die donker rietplafon wit geverf en vier dakligte geïnstalleer, wat 'n lieflike atmosfeer gee.

GEMAK Dis nie aldag dat jy 'n gestoffeerde rusbank as sitplek by die eetkamertafel sien nie, maar dit werk perfek en gaste is geneig om langer te vertoef.

DEKOR Kay gebruik breekgoed as dekor: “Ons het my ma se breekgoed uit 'n stowwerige kas gehaal en dit uitgestal; nou gebruik ons dit elke dag, wat wonderlik is.”

[KAY SE TOP-WENKE]

- Dink mooi oor watter gevoel jy in die eetkamer wil bewerkstellig voor jy dink oor hoe dit moet lyk.
- Oorweeg die vloei van die ruimte en hoe om 'n groot groep gaste te akkommodeer.
- Smeulkaggels is 'n wonderlike belegging; dis doeltreffend, maak jou huis vinnig warm en skep 'n knus atmosfeer.

Die tafel met sy eikehoutblad en staalpote is pasgemaak deur Alastair Schoon en ontwerp deur die argitek Nicci Drzewicki, wat ook die rusbank ontwerp en gemaak het. Met die stapeldeure oop, het die Lindsays 'n uitsig op die tuin wanneer hulle by die eetkamertafel sit.





Die fokusmuur met sy swart-en-wit tropiese plakpapier, ingeboude houtrakke en kaggel is 'n ware apploustrekker. Kay en Ross stal hul hartsgoed hier uit en elke voorwerp het spesiale betekenis.

Kroegstoele van MRP Home; swart stoele van The Sofa Company; hanglampe van Eight Degrees South; rottangstoele van Block & Chisel; plakpapier van Hertex

#4 Onthaal in styl

“Wat ’n heerlike, gesellige huis!” is iets wat Dawie en Rudean Breet gereeld hoor wanneer gaste by hul opgeknapte huis in Durbanville instap. “Gaste is gewoonlik verbaas oor hoe ‘oop’ die vyftig jaar oue huis is; met die stapeldeure oop kan jy van die voordeur reg deur tot in die kombuis, stoep en swembad in die agterplaas sien,” sê Rudean.

Nadat die Breets sewe jaar gelede hier ingetrek het, het hulle die voorkoms binne en buite vernuwe, maar van die oorspronklike styl-kenmerke uit die 1970’s behou. Binne het hulle mure uitgebreek,

Die rou baksteenmuur is met wit sement afgewerk, en groot swart en wit teëls (400 x 400 mm) is ’n kontemporêre dog tydlose element.

Teëls van Stiles

’n braaikamer aangebou en beter vloei tussen die onderskeie leefareas bewerkstellig. Ongelukkig het hulle net ’n jaar ná die opknep ’n huisbrand gehad en moes hulle van voor af regmaak!

Vandag is die trauma grootliks vergete en onthaal die Breets minstens een keer ’n week – in die somer buite langs die swembad en in die winter binne met ’n braai, potjie of pizza.

Kroegyskas van CaterMarket;
pizza-oond van ItalOven;
wynrak, kratte op wiele en
hoë tafel van Wood and Steel;
kandelaber van Candelabra;
kroegstoele van Incanda



Stoele by die kaggel in die sitgedeelte tussen die kombuis en stoep maak dit 'n knus leeskol in die winter.

Dís hoekom dit werk ...

GOED TOEGERUS Dié kuierplek het alles: 'n kroeg onder die toonbank, luidsprekers in die plafon, ingeboude wynrakke, 'n pizza-oond en 'n braaikaggel met plek vir 'n potjie en 'n vuur. 'n Opwas-ruimte in die industriële styl, geïnstalleer deur CaterMarket (Dawie en Rudean se onderneming) bedien die braai-area en die kombuis.

DOELGERIGTE MEUBELS Die hoë tafel met kroegstoele langs die braai is gemaklik vir onthaal en die kinders sit daar wanneer hulle huiswerk doen. Die kombuiseiland is ideaal geleë vir kosbereiding, terwyl die kaggel en gemaklike stoele daar naby die perfekte plek is vir opkrul.

BALANS Dawie was verantwoordelik vir die meubels en ontwerp van die kuierruimtes, terwyl Rudean die donkerder kleure gebalanseer het met ligte skakerings soos sagte grys en geel.

OOP NA BUITE Wanneer die stapeldeure oopstaan, kan die paartjie die voëls en eekhorings in die tuin dophou terwyl hulle binne sit. >>

[DAWIE EN RUDEAN SE TOP-WENKE]

- Maak dit interessant. Die oorspronklike grys afgevlakte vloer was vir die Breets te vervelig, toe laat lê hulle groot swart en wit teëls.
- 'n Behoorlike opwasplek is ideaal as jy gereeld onthaal.
- Plaas jou braai-area naby die kombuis sodat jy deel van die aksie kan wees.
- Goeie natuurlike lig is noodsaaklik; probeer soveel moontlik lig inbring wanneer jy opknip.



Die stoep met sy latte-dak raak deel van die kombuis wanneer die stapeldeure oop is.

Vloerteëls van Stiles; tafel en stoele van Patio Warehouse

Rondom die groot kombuiseiland met sy blad van rou eikehout is daar steeds genoeg ruimte vir gemaklike vloei van die stoep na die binnebraai. 'n Geel Fratelli Onofri-stoof vang dadelik die oog.

Kombuis deur Pierre Slabber Wood Interiors



#5 Vir afskaal

Toe Sonja en Francois Nolte na 'n tweeslaapkamer-meenthuis in Panorama, Kaapstad, trek, moes hulle mooi dink om die beskikbare ruimte te benut. Met die hulp van IB Solutions is die ou eetkamer omskep in 'n derde slaapkamer vir wanneer familie en vriende kom kuier; die ander twee slaapkamers is ook met 1,6m vergroot.

Hulle het toe 'n nuwe eetarea en braaikamer in 'n voorheen onbenutte kol tussen die stoep en motorhuis ingerig, en die muur tussen die kombuis en sitkamer uitgebreek sodat dit alles een oopplanvertrek uitmaak. Al die matte is uitgehaal, die vloere afgevlak en 'n IsoBoard-plafon is reg onder die staandak aangebring om die ruimte lig en oop te laat voel.

“Al het ons afgeskaal, wou ons nie ingehok voel nie,” verduidelik Sonja. “Gaste is altyd verbaas deur die binnekant, want dis nie wat jy sou verwag as jy na die fasade kyk nie. My seun en skoondogter, wat aanvanklik nie wou hê dat ons na 'n kleiner plek moet trek nie, was ook aangenaam verras.”

Die Noltes het die twee ou kombuiskaste by voormalige bure gekry en gerestoureer.

Mat van Bellville Furniture



Sonja en Francois



Dís hoekom dit werk ...

MAAK OOP Stapeldeure wat op 'n klein swembad-area oopmaak, skep gemaklike vloei tussen binne en buite.

MET 'N UITSIG Natuurlike lig stroom hier in danksy twee groot vensters aan weerskante van die ingeboude braai; dit bied ook 'n gedeeltelike uitsig op Tafelberg, wat "elke oggend soos 'n nuwe skildery" lyk.

OORGENOEG SIT- EN PAKPLEK Buiten 'n agtsitplektafel bied die trappe informele ekstra sitplek buite. Ou kombuiskaste verskaf uitstal- en pakplek, en verleen 'n tikkie ouwêreldse sjarme aan die dekor.

AFGEVLAKTE VLOERE afgerond met TFC TopSeal is prakties en maklik om skoon te maak; dit gee ook 'n kontemporêre gevoel aan die vertrek.

[SONJA SE TOP-WENKE]

- Vloei van binne na buite is belangrik, veral as jy in Suid-Afrika woon en ons lieflike klimaat wil geniet.
- Vinnige, maklike toegang tot die kombuis is noodsaaklik as jy graag onthaal.
- 'n Onverwagse dekoritem of meubels wat 'n verhaal vertel, sal gaste altyd aan die gesels kry. 🏠

Sit aan!

Kikker jou kuierkol op met 'n nuwe stoel of twee.



VERSKAFFERS & KONTAKTE Alastair Schoon 082 866 7393 Amatuli 011 440 5065, amatuli.co.za bbellamy & bbellamy 021 462 1357
Bellville Furniture 021 949 8880, bellvillefurniture.co.za Block & Chisel 087 015 0181, blockandchisel.co.za Candelabra 021 939 1001, candelabralighting.co.za
CaterMarket 021 949 7325, catermarket.co.za Chair Crazy 021 465 9991, chaircrazy.co.za Decofurn 087 740 1800, decofurnsa.co.za Delos 021 447 5739
Die Dot Shop 076 581 8170 Eight Degrees South 076 766 9842, eightdegreessouth.com Hertex 021 914 3390, hertex.co.za IB Solutions 082 220 2925
Incanda 021 914 5832, incanda.co.za ItalOven 021 981 1372, italoven.co.za La Grange Interiors 011 444 5379, lagrangeinteriors.co.za
Liebermann Pottery 011 482 2215, liebermannpottery.net MRP Home 0800 212 535, mrphome.com Nicci Drzewicki 021 433 0422, drzarchitects.co.za
Patio Warehouse 087 825 1120, patiowarehouse.co.za Pierre Slabber Wood Interiors 083 450 4547 Stiles 021 510 8310, stiles.co.za Superbalist superbalist.com
The Sofa Company 021 200 5904, za.sofacompany.com Vanessa Berlein 084 614 0268 Weylandts 0860 103 400, weylandts.co.za Wood and Steel 082 377 8838



Deon de Goede

BYDERWETSE koffietafel

PROJEKGIDS

Harde werk 5/10

Vaardigheidsvlak 5/10

Tyd nodig 3 uur

Maak dit vir ± R795:

Hout vir basis en rande
R685, skroewe R10, Alcolin
Fast Set Glue R30,
skuurpapier R10,
houtvuller R60

PROJEKNOTAS

- Maak die pote uit oorskiethout of koop dit klaar by 'n verskaffer soos Gelmar.
- Skuur al die planke vooraf en boor gidsgaatjies waar nodig.

Heelwat oorskietplankies in jou werkkamer? Maak dié koffietafel met sy trendy visgraatpatroon.

Meubels en dekorbykomstighede van De Mooij Interior Design; ronde mat van Coirtex

Deur Deon de Goede • Foto's Francois Oberholster
Stilering Marian van Wyk

Wat jy nodig het

MATERIAAL

- gelamineerde-dennehoutplank met mate: 960 x 460 mm (basis)
- 22 x 94 mm- geskaafde donker hout soos meranti, gesaag in:
 - twee 1 000 mm- en
 - twee 500 mm-planke (tafelrande)
- vier pote, sowat 400 mm hoog
- oorskiethout in 'n ligte kleur, gesaag in:
 - sewe 400 x 22 x 69 mm-planke

- sewe 330 x 22 x 44 mm-planke
- oorskiethout in 'n donker kleur, gesaag in:
 - sewe 325 x 22 x 69 mm-planke
 - sewe 370 x 22 x 44 mm-planke
- houtvuller in 'n kleur of kleure wat by die hout pas
- Alcolin Fast Set Glue
- 'n pakkie 6 mm x 50 mm-skroewe
- 220-grint-skuurpapier




GEREEDSKAP

- koordlose boor en 3 mm-boorpunt
- figuursaag
- potlood
- maatband
- winkelhaak
- spykergeweer
- verdiepskaaf en vlaksny-punt

Só maak jy...



1 Merk die dennehout-basisplank se middellyn en trek 45-grade-lyne by die een ent (*sien skets 1*). Begin met 'n 69 mm-ligthoutplank en posisioneer dit op die lyn; plaas dan 'n 69 mm-donkerhoutplank haaks teen die ent van die ligter plank (*sien skets 2*). Merk en saag die driehoek van elke plank wat oor die basis steek, af. Lym en skiet die planke op hul plek vas. **Wenk** Posisioneer eers al die planke en saag die nodige hoeke af voordat jy dit begin vassit.



2 Volg met 'n 44 mm-donkerhoutplank langs die eerste ligte plank en 'n 44 mm-ligtehoutplank haaks daarmee langs die eerste donker plank. Herhaal dié patroon totdat die hele basis bedek is. Gebruik die verdiepskaaf en rond die plankrande netjies af, gelyk met die basis.

Wenk Strooi sout oor die gom – dit keer dat die plank rondskuif terwyl die gom nat is.



Hout verskaf deur Timbercity (timbercity.co.za)



3 Saag albei ente van die vier 22 x 94 mm-donker tafelrande teen 45 grade. Lym en skroef die rande rondom die tafelblad vas met die 6 mm x 50 mm-skroewe terwyl jy seker maak dat die rande gelyk met die bokant van die blad is.



4 Draai nou die blad om, sit 'n poot in elke hoek en boor die nodige gidsgate deur die tafelrande. Lym en skroef die pote op hul plek vas. Vul alle skroefgate en gapings tussen die planke met die gepaste houtvuller. Wag totdat die houtvuller droog is en skuur dan alles deeglik. Vernis die hele tafel in die afwerking van jou keuse. 

KONTAKTE EN VERSKAFFERS

Coirtex 021 762 2227, coirtex.co.za De Mooij Interior Design 082 674 0662, demooij.biz
Deon de Goede 084 589 5026, deon@diydeon.co.za Gelmar gelmar.co.za



Shelly Bergh

Ons het 'n kas van 'n vorige projek opgekikker met 'n splinternuwe baadjie!


Voor



Nuwe lewe VIR 'N OU KAS



Kunswerk deur Conrad Botes; rusbank van Sofacompany; kussings van H&M Home; verf van Duram



Gee 'n afgeleefde kas nuwe flair met 'n rottangmat en 'n leksel verf!

Deur Shelly Bergh • Foto's Francois Oberholster

Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- ou kas
- dennehoutplank (22 x 144 x 1800mm)
- houtlym
- 3 mm x 40 mm-spaanderbordskroewe
- houtvuller
- universele onderlaag
- Duram NuGlo in die kleure Orange Kloof en Darling White
- rottangmat
- wit hegband


GEREEDSKAP

- koordlose boor
- plat skroewedraaier
- tang
- liniaal
- winkelhaak
- figuursaag
- G-klampe
- potlood
- verfkwas
- lap
- skêr
- kramgeweer


PROJEKGIDS

Harde werk 2/10
Vaardigheidsvlak 2/10
Tyd nodig 1 dag
Doen dit self vir
 ± R1060:
 rottangmat R660,
 verf R400

So maak jy...




1 Haal die kas se deure af en verwyder die handvatsels.




2 Ons het die lap van ons kas se deure afgehaal met 'n plat skroewedraaier en 'n tang.




3 Meet die binneste breedte van die deurraam en merk dieselfde mate op die dennehoutplank.



4 Trek 'n diagonale lyn oor die plankdeel wat jy in stap 3 gemerk het om twee identiese driehoeke te vorm.




5 Saag die twee driehoeke uit met 'n figuursaag. Herhaal stap 3 en 4 vir nog twee driehoeke. (Jy het vier nodig.)



6 Boor gidsgate in die hoeke van die vier driehoeke.





7 Wend gom aan en skroef die driehoek vas.




8 Vul alle skroefgate en gleuwe met houtvuller. Wag tot die houtvuller droog is en vee dan enige oortollige vuller af met 'n klam lap.




9 Verf die kas en deure aan die buitekant met onderlaag en laat dit droog word.



10 Sodra die onderlaag droog is, kan jy die kas verf met twee lae Darling White en die deure met twee lae Orange Kloof; laat die verf droog word tussen lae.



11 Sny die rottangmat sodat dit aan al vier sye sowat 2,5cm groter as die openinge is.



12 Kram die rottangmat vas; trek dit styf terwyl jy werk. Plak hegband oor die mat se rande om dit netjies te hou.



13 Sit weer die handvatsels aan die deure en skroef die deure weer aan die kas vas. 🏠

VERSKAFFERS

Duram 0800 500 222, duram.co.za
H&M Home 021 826 7451, hm.com/za
Sofacompany 021 200 5904, sofacompany.com

BLY KOEL MET ISOBOARD

Verbeter jou huis se isolasie met energiedoeltreffende IsoBoard.



IsoBoard is maklik om te installeer; kyk die video op tuis.co.za.

IsoBoard bied jou 'n isolasie-oplossing vir nuwe én bestaande geboue, en dis een wat jy maklik self kan installeer.

Nou kan jou huis enige temperatuur-skommelings sonder moeite trotseer en kan jy jou leef- en werkruimtes gemaklik hou vir die volle leeftyd van die gebou.

Dié omgewingsvriendelike termiese isolasie is geskik vir al die onderskeie dele van jou huis en is net so veelsydig as wat dit doeltreffend is.

Dit hou jou huis se temperatuur konstant, wat beteken jy gebruik minder elektrisiteit vir verwarming of verkoeling.

Laat hoor van jou!

KAAPSTAD 021 983 1140, southsales@isoboard.com

DURBAN 031 569 1800, dbnsales@isoboard.com

PRETORIA 012 653 8204, northsales@isoboard.com

Vir nog wenke, planne en inligting, besoek isoboard.com, "like" ons op facebook.com/isoboard en volg ons op Twitter by [@isoboard](https://twitter.com/isoboard).

Binneontwerp Trend Merchants Interior Design & Decor (071 978 3704)



ONTROMMEL, EN WEN!

Is jou kaste oorvol en die spaarkamer as't ware 'n begraafplaas vir als wat nooit, ooit weer gebruik gaan word nie? *Tuis* en VIA, in vennootskap met Gumtree, is hier om te help...

Dis toenemend 'n trend, en ons sien dit ook in *Tuis*: Al meer mense woon in kleiner plekke. En, soos almal weet, as jou pakplek knap raak, is daar net een oplossing: Pak reg en gooi weg!

Of verkoop op Gumtree en steek die geld in jou sak! Mm, dis nou 'n plan.

Die Japannese ontrommel-ghoeroe Marie Kondo het nou al wêreldwyd roem verwerf met haar KonMari-metode. Haar boodskap is eenvoudig: As iets jou nie plesier gee nie, raak ontslae daarvan!

Omdat ons weet hoe moeilik dít kan wees, bied *Tuis* en VIA (DStv-kanaal 147) saam met Gumtree 'n ontrommel-kompetisie aan as aansporing. Want ons soek na Suid-Afrika se Ontrommel-koning of -koningin vir 2020!

Maak nie saak of jy in 'n plaashuis op Mooiooi, 'n tuinwoningstel in Bloemfontein of 'n gesinshuis in Brackenfell woon nie, as jy bang is om die kasdeure in jou huis oop te maak oor wat dalk daar gaan uitval, wil ons van jou hoor.

Indien jy sukkel om in te skryf, stuur e-pos na amina.essop@media24.com of bel haar by 021 406 2205.




Foto Clynt Garnham/Alamy

[SKRYF SÓ IN]

- Gaan na tuis.co.za en vul die inskryfvorm bo-aan die webblad in. Jy hoef nie 'n intekenaar van Netwerk24 te wees nie; inskrywings is gratis vir almal wat belangstel.
- Beskryf in hoogstens 250 woorde waarom jou blyplek ontrommel moet word, en onthou – ons moet foto's sien van hoe dit lyk, so sluit dit in.
- Inskrywings sluit Vrydag, 13 Maart om middernag.

[WAT GEBEUR VOLGENDE?]

In die week van 16 Maart 2020 sal die *Tuis*-redaksie saam met VIA 13 huise kies waar 'n ontrommel-ghoeroe moet kom help. Dié kenner sal later bekend gemaak word (hou *Tuis* dop). Vanaf 1 April besoek 'n VIA-kameraspan en die ontrommel-ghoeroe 'n paar uitgesoekte huise om te help met die groot skoonmaak. Alles waarvan jy ontslae wil raak, moet op Gumtree verkoop word. *Tuis* sal stories daarvoor publiseer (aanlyn en in druk) en uiteindelik 'n algehele wenner kies en bekroon met die titel Ontrommelaar 2020!

DIE PRYSE

Weeklikse pryse sal lukraak toegeken word aan *Tuis*-lesers en VIA-kykers wat vir die kompetisie inskryf. Gumtree gee die algehele wenner 'n allemintige R20000 kontant!

KOM KOOP & KUIER!

Wat is nou lekkerder as 'n samekoms van kreatiewe mense met dekor, handwerk, geskenke en kos? Dis wat op jou wag by ons heel eerste TuisHome-mark.



Elke maand wys *Tuis* pragtige dekor, handwerk en interessante kosprodukte van reg oor die land. Nou kry die blaaie lewe by ons heel eerste Tuis|Home-mark! Met 'n verskeidenheid uitstallers, demonstrasies, en eet- en drinkgoed te kies en te keur, beloop dié mark op die historiese wynplaas Nooitgedacht buite Stellenbosch 'n fees van kreatiwiteit.

Wil jy die mark bywoon?

Maak 'n aantekening in jou dagboek en koop jou kaartjies by quicket.co.za.

Datum 28–31 Mei 2020

Kaartjies 'n Verskeidenheid opsies is beskikbaar – van dagkaartjies tot vierdagpasse, en 'n *Besties*-aanbod met afslag as jy op een slag kaartjies koop vir jou en 'n maat. Kyk by quicket.co.za.

Wil jy kom uitstal?

Besoek tuishomemark.co.za vir die aansoekvorm en inligting oor stalletjies. As jy vrae het, stuur e-pos aan Anita Grindlay-Whieldon by anita@tuis.co.za of bel haar by 083 594 3349.

Vra die kenners



Saamgestel deur
Shané Barnard



[VRA OP FACEBOOK]

Het jy 'n dringende vraag wat net nie kan wag nie?

Sluit dan aan by ons Tuis|Home-Kennersgroep op Facebook sodat die span, kundiges en ander lesers kan help.

Wonder jy hoe om 'n sweefrak te monteer of is jy op soek na 'n spesifieke dekorstuk? Vra net – ons kry die antwoorde.



Swaar dra

Paul Vogel van Pretoria skryf Op bladsy 36 van die November 2019-uitgawe het die huiseienaars steierplanke vir hul boekrak gebruik. Kan julle sê hoe hulle dit teen die muur gemonteer het om die boeke se gewig te dra?




→ Tuis se
DIY-ghoeroe,
Deon de Goede,
antwoord

Onlangs, toe ek soortgelyke rakke in my eie huis opgesit het, het

ek 12 mm-gate in die middel van elke steierplank geboor, 10 mm-metaalstawe in die gate gekap en só afgesaag sodat daar nog 120 mm van die staalstaaf by die hout uitsteek.

Hou dan die rak waar jy dit teen die muur wil hê en merk waar jy gate vir die stawe in die muur moet maak. Boor 12 mm-gate in die muur, maar teen 'n effens afwaartse hoek. Skuif die stawe in die gate tot die rak teen die muur is. Die rak gaan nou effens skuins sit; buig dit liggies af tot dit horisontaal is.

Skets



Kortliks



V: Waar het die huiseienaars die gordyne op bladsy 43 van Januarie 2020 se *Tuis* gekry? – **Marna Opperman, Fochville**

A: Dié bepaalde gordyne is van Biggie Best (biggiebest.co.za); jy kan iets soortgelyks kry by Volpes (volpes.co.za).



V: Waar kan ek die pragtige mat op bladsy 69 van die Desember 2019-uitgawe kry? – **Amy Ackerman, Mosselbaai**

A: Daardie mat is van Black Fabrics (blackfabrics.co.za).



V: Ek hou so van die muurgemonteerde rak op bladsy 77 van die Desember 2019-uitgawe; waar kan ek dit koop? – **Lenard Hall, Langebaan**

A: Eco Furniture Design (ecofurnituredesign.com) kan vir jou 'n soortgelyke rakeenheid maak.



V: Waar het julle die metaal-naamplaatjies gekoop vir die selfdoenprojek op bladsy 68 van Februarie 2020 se uitgawe? Ek soek al eeue na so iets!

– **Margie Grant, Bathurst**

A: Die plaatjies is van Baltic Timber (baltic.co.za).

Ougood of hougood?

Fyn gesny

Nadine Parker van Kaapstad skryf My skoonpa se suster is onlangs oorlede en terwyl ons haar huis skoongemaak het, het ons op 'n JH Pierneef-linosneewerk, *Fisherman's Harbour Hermanus*, afgekom. Het dit enige waarde en by wie kan ons die egtheid laat verifieer?




→ **Ruarc Peffers, besturende direkteur van Aspire Art Auctions, antwoord** Die kunswerk is eintlik 'n reproduksie van die oorspronklike JH Pierneef-linosneewerk wat die vissershawe in Hermanus uitbeeld.

Omdat historiese rekords beperk is, is dit moeilik om vas te stel wat presies gebeur het, maar ek verstaan dat Pierneef se weduwee, May, die boedel geërf het en ná sy dood gereël het om 'n stel van sy linosneewerke te laat herdruk. Sy het die Pretoriase kunstenaar Zakkie Eloff gevra om die drukproses te bestuur; die destydse vooraanstaande kunspublikasie *Lantern* het dit bemark.

Schweickerdt, toe 'n prominente Pretoriase kunshandelaar wat ook Pierneef se agent was, sy uitstallings aangebied het en 'n lewenslange vriend geword het, was weer betrokke by die verkope. Sover ek weet, was die herdrukte uitgawes beperk tot 10 of 12 van elk.

Let net op die verskil tussen 'n oorspronklike en 'n unieke kunswerk. Al is die linosneewerke waarop dié herdruk gegrond is, inderdaad oorspronklik, is dit nie uniek nie. Linosneewerke is afdrucke of veelvoude, wat beteken dat dit in 'n uitgawe vervaardig word. Die getal kan aansienlik wissel – van 'n handvol, tot dosyne, honderde of selfs duisende, afhangend van die drukmetode. Omdat 'n linosnee 'n relatief sagte medium is, word dit gewoonlik in kleiner uitgawes gedruk. Terwyl elke linosnee wat uit 'n kunstenaar se werk vervaardig is,



oorspronklik is, is geeneen van hulle uniek nie.

Dié werk sou gekatalogiseer word as Ná JH Pierneef (wat beteken dis ná sy leeftyd gemaak, maar op 'n wettige manier en met die toestemming van sy boedel) en die waarde is gevolglik baie laer as een van die oorspronklike linosneewerke wat in sy leeftyd geproduseer is. Oorspronklike werke kan enigiets van R10 000 tot R50 000 (selfs meer) op 'n veiling haal. Die postuum uitgawes haal gewoonlik minder, afhangend van die grootte, gehalte en toestand.

WAARDE Tussen R500 en R2 500

KONTAK aspireart.net 📍



Kleurvolle en robuuste tuinslange met bybehore



12mm x 20m-tuinslang beskikbaar in drie helder kleure: passtukke is ingesluit.

Bypassende gekleurde piramiedsproeiers ook beskikbaar.

- Duursaam
- Koste-effektief
- Kinkelvry
- 8-jaar-waarborg op tuinslang



'n Reënmeter met 'n verskil



- Skuif dit rond deur die monterhaak met 'n stok of staaf te vervang.
- Die monterhaak met sy slim groef-ontwerp verseker dat die meter maklik aangesit en afgehaal word.



Teen 'n paal



Op die plaas



In die tuin

- UV-bestandheid maak die Watex-reënmeter **STERKER** en **KOSTEDOELTREFFEND**.

- Akkurate lesings.
- Plaaslik vervaardig.



Beskikbaar by vooraanstaande ysterwarewinkels en kwekerye. www.watex.co.za

JOU DROOMHUIS BEGIN HIER



Kort jy 'n kenner se raad vir 'n dekordilemma by jou huis?
Dan is *Tuis* se nuwe eenstop-ontwerpdienst, *Welkom Tuis*, die
antwoord vir jou.


► Kies uit drie pakkette en ons voorsien jou van ontwerp-idees vir enige ruimte wat jy graag wil oormak – hetsy 'n slaapkamer of sitkamer wat 'n vars voorkoms nodig het, of 'n kombuis of badkamer wat smee om 'n algehele opknep.

1 Besoek welcomehome.co.za



Klik op **AFR** regs bo in die hoek vir Afrikaans, dan op **SPRING WEG** en kies die ruimte wat jy wil vernuwe.

2 Vul die vraelys in



Vul die vraelys in en kies jou pakket.

3 Jou boks word saamgestel...



'n Professionele binneontwerper spring weg met vloerplanne en sketse, monsters van elemente soos vloerbedekkings, werkvlae, gordyne en stoffering, asook verfkaarte en voorstelle vir meubels – 'n volledige handleiding waarmee jy jou bepaalde ruimte kan opkikker.

4 ... en afgelewer!



Jou boks sluit ook 'n afslagkaart in wat geldig is vir inkopies by ons uitgesoekte vennote.



Jy kry tot 15% afslag op alles wat jy koop uit die voorstelle in die boks. Die boks betaal homself as 't ware!



WIE WOON HIER?

Catherine Crawford

WAAR Nuweland,

Kaapstad

GROOTTE 340m²

Trek weg of maak reg?

Danksy uitsonderlike visie en vernuwende idees is dié eklektiese huis uit die vyftigerjare nou 'n lugtige tuiste met tonne natuurlike lig.

Deur Shané Barnard

Foto's Francois Oberholster

Stilering Marian van Wyk



STOEP

Boë afgerond met klompiestene is gebou om die huis 'n sagter, vrouliker gevoel te gee in kontras met die skoon lyne van die res van die gebou.



FASADE

'n Waterwys binnehof met 'n Kei-appelboom lei na die voordeur. Die nuwe vlak het skuifraamvensters gekry om by die grondvloer se klassieke Kaaps-Georgiaanse styl te pas.

C

atherine Crawford was nie eintlik op soek na eiendom toe sy 'n ou huis in Nuweland koop nie. Maar nadat sy verneem het dat 'n huis in dié lowerryke buurt binnekort op die mark sou kom, het die idee om naby haar tweelingsuster in Newlands Village te bly, al hoe aantrekliker geraak.

Die kothuis in die Kaaps-Georgiaanse styl, gebou in die 1950's, het klein, donker vertrekke gehad wat uit die ingangsportaal gelei het, met die badkamers in die middel van die huis. Catherine wou die ruimte vernuwe met behulp van oopplan-leefareas en meer natuurlike lig.

Haar swaer Yoram Shabat is 'n argitek, en sy het by hom aangeklop om die huis vir haar in 'n funksionele gesinshuis te verander. Catherine het haar idees op 'n Pinterest-bord bymekaargesit en 'n gedetailleerde opdrag opgestel met al haar voorkeure vir die nuwe huis: hoë plafonne, baie natuurlike lig en tekstuur.

"Aanvanklik het ons gedink ons kon net die uitleg aanpas," sê Yoram. Maar nadat hulle elke opsie oorweeg het, het hulle besef as hulle haar visie wou realiseer, sou hulle moes oorbegin. "Ek sou met te veel goed tweede prys moes aanvaar," sê Catherine.

Eers is alles buiten die voorste muur en die oorspronklike motorhuise, een aan elke kant van die huis, afgebreek. Daarna is 'n nuwe boonste verdieping aangebou ter wille van meer leef- en kuieruimte op grondvlak; bo is daar drie slaapkamers, badkamers en 'n studeerkamer.

Die projek het van Januarie tot September 2018 geduur en die eindproduk is die helder, ruim huis van haar drome, en perfek vir onthaal! >>

INGANGSPORTAAL

"'n Trap is 'n geleentheid om 'n speelse element in te bring," sê die argitek, Yoram Shabat, wat die geboë beton-balustrade ontwerp het. Structaform, kontrakteurs wat spesialiseer in in situ-oplossings met beton, het die ontwerp uitgevoer omdat die geronde vorm 'n tegniese uitdaging is.

Vloere van vervaardigde eikehout van Lalegno; matte van Coirtex



STOEP

Die buite-kuierarea, wat reg buite die kombuis is, het 'n lieflike uitsig op die agterkant van Tafelberg, maar is beskut teen die suidooster. Dakvensters in die latteplafon sorg dat die ruimte oorgenoeg natuurlike lig kry, en die gepoleerde betonvloer verskaf tekstuur.

Mat van MRP Home

Dis in die detail

Yoram het die vuurmaakplek met sy Kaaps-Hollandse mantel ontwerp – dit kan gebruik word vir braai of vir warmte in die winter.

Die natuurlike elemente en teksture bring 'n tikkie warmte in die huis se skoon lyne. – Catherine



Nadat Catherine jare lank in Sydney, Australië, gewoon het, het sy dié blou-en-wit houttafel en -bankies saam met haar teruggebring Suid-Afrika toe.



Rusbank van Ercol

Op 'n ander vlak



→ Die uitdaging met elke ontwerp, veral dié van 'n huis, is om iets te skep wat vanuit 'n praktiese én estetiese oogpunt aan die kliënt se behoeftes en ambisies voldoen, sê Yoram Shabat van

YS Commercial Projects.

“Cathy het aanvanklik nie 'n groot opknap beplan nie. Toe sy die huis koop, het sy gedink sy sou net 'n paar klein interne veranderinge aanbring, soos 'n muur of twee uitkap en 'n nuwe kombuis en badkamer inrig – nie geheel en al herbou nie!” sê hy.

“Die bestaande huis was 'n ou kothuis waarby oor die jare aangebou is en wat in die proses in 'n beknopte doolhof met ongemaklike gange en donker badkamers ontaard het – nie juis bevorderlik vir die ligte, moderne, oopplan-voorkoms wat Cathy beoog het nie. Daar was wel 'n sjarmante Kaaps-Georgiaanse fasade wat die toon aangegee het vir die algehele styl, wat baie ooreenstem met wat Cathy wou hê.”

Met die tweede verdieping het hulle ook baie ruimte vir 'n tuin gewen.

Enigene wat dit oorweeg om 'n vlak aan te bou, moet die volgende in gedagte hou, sê Yoram:

- 1 Ligtestaal- en houtraam-konstruksie is vinniger en skoner as tradisionele bakstene-en-sement. Onthou, alle aanbouings wat 'n tweede verdieping aan 'n bestaande huis behels, vereis munisipale goedkeuring, ongeag watter materiale gebruik word.
- 2 'n Struktuuringsingenieur moet altyd die strukturele lasdraende komponente in die ontwerp vir enige hoër verdieping – hetsy bakstene, 'n ligtestaal- of houtraam – spesifiseer. >>

KONTAK yoram@yscp.co.za

Hulle sê jy moet *nooit saam met familie werk nie*, maar in dié geval was hulle verkeerd! Dit was op die ou end 'n *uiters suksesvolle en aangename projek*. – Yoram

Die sitkamer met sy hoë plafon voel steeds knus; ligte voile-gordyne versag die ander meer kontemporêre afwerkings. Catherine het die muur agter die kaggel ongepleister gelaat vir nog tekstuur. Sierade en tydskrifte kry plek op ingeboude boekrakke.

Gordyne uitgesoek deur Jean-Pierre de la Chaumette Interior Design



EETKAMER EN KOMBUIS

Die sitkamer, eetkamer en kombuis, als in een oop plan, is heerlik ruim. Balke teen die plafon help met die skaal en om verskillende ruimtes af te baken.

SITKAMER

Pasgemaakte skuifdeure van RA Woodcraft maak oop op die TV-kamer en gastesuite.




Buffet van The New Modernist

Grond-
vloer



Eerste vloer



'n Dakvenster in die kombuis laat genoeg lig in en skep die gevoel van 'n glashuis.

Dis in die detail

Die herd bo die stoof is ontwerp om soos 'n outydse vuurmaakplek te lyk. "Ek het nie geweet hoe dit sou werk nie, maar op 'n manier bring dit die geheel bymekaar," sê Catherine. >>


Verfkleur

Plascon Midland's Marsh

Eetkamertafel van Saks Corner; hanglamp uitgesoek deur Jean-Pierre de la Chaumette Interior Design; kombuiskaste gemaak deur Core Interiors; groen en wit terrazzo-teëls van Lovric Dittberner Terrazzo Tiles; stoele van Guideline Design

As jy die voorreg het om jou huis in te rig nes jy dit wil hê, kan jy gerus die kans aangryp en 'n paar speelse elemente insluit. – Catherine

Die kopertoebehore in die kombuis (*links onder*) en al die badkamers is van Victorian Side Bathrooms.



'n Pienk wasbakkas van The New Modernist is 'n speelse element in die tweede badkamer.

Teëls van WOMAG; handdoek van Mungo



SLAAPKAMERS

Catherine het besluit op drie slaapkamers – almal bo – ter wille van herverkoopwaarde. Daar is 'n aparte gastesuite en badkamer op grondvlak. Die militêre kas in die hoofslaapkamer het aan Catherine se pa behoort.


Deken van The Alpaca Loom; mat van Coirtex; gordyne uitgesoek deur Jean-Pierre de la Chaumette Interior Design

BADKAMERS

Die patryspoorte in die badkamers bo was een van Catherine se gunsteling-ontwerpelemente toe sy die inspirasiebord vir die opknop bymekaargesit het. “Dis lieflik, maar baie onprakties,” spot Yoram. “Jy kan dit net in 'n vertrek soos 'n badkamer sit waar dit nie regtig bekleding nodig het nie.” 🏠

Die wasbakkas in die hoofslaapkamer se en suite het oorgenoeg pakplek.

Wasbakkas van Saks Corner; koperkraan van Victorian Side Bathrooms



VERSKAFFERS & KONTAKTE Coirtex 021 762 2227, coirtex.co.za **Core Interiors** 021 712 6147, coreinteriors.co.za **Ercol** ercol.com **Guideline Design** 021 534 0334, guideline.design **Jean-Pierre de la Chaumette Interior Design** 021 461 1549, jpdic.co.za **Lalegno** 021 851 0054, lelagno.co.za **Lovric Dittberner Terrazzo Tiles** 084 547 1410, lovrictiles.co.za **MRP Home** 0800 212 535, mrphome.com **Mungo** 021 201 2374, mungo.co.za **RA Woodcraft** 082 327 0588, rawoodcraft.com **Saks Corner** 021 447 2966, sakscorner.co.za **Structaform** 021 795 0204, structaform.co.za **The Alpaca Loom** alpacas.co.za **The New Modernist** 082 414 0317, thenewmodernist.com **Victorian Side Bathrooms** 021 982 0461, victoriansidebathrooms.co.za **WOMAG** 021 447 6161, womag.co.za

Ons bring vir jou die
**BELIGTING-
KEUSES** wat jou
ontwerp pas

HALLSTAT
P930
P900OP
P900CL

Eurolux is passievol oor beligtingsneigings en een van Suid-Afrika se voorste verskaffers van beligting. Ons is toegewyd daaraan om aan kliënte 'n verskeidenheid van topklasprodukte van regoor die wêreld te bied.

HANGLIGTE
P980/P981/P982

ROMAO
FL205

HANGLIG
P1058

eurolux
Lighting your way


LIGEENHEDE • LAMPE • ELEKTRIES • OV

Kaapstad (Hoofkantoor): Racecourseweg 9, Milnerton, 7441 | Tel: +27 (0) 21 528 8400 | Epos: info@eurolux.co.za

Johannesburg: Milkywaylaan 10, Linbro-besigheidspark, Sandton, 2065 | Tel: +27 (0) 11 608 2970 | Epos: jhb@eurolux.co.za

Durban: Talksure House 62 Umhlanga Ridge Boulevard, Umhlanga, Durban. | Tel: +27 (0) 31 263 0088


   
www.eurolux.co.za



Diere- maniere

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel


Koelte teen die laatsomer-hitte.



Die son trek water ...

Lila soek lafenis in 'n sinkbad.

– Unike Venter, Pretoria



Voëlvry verklaar ...

Mias het besluit die voëlbad is nou syne. – Jana Louw, Pretoria

Warm kopie

WUMA! kom nou in treffende nuwe verpakking as deel van Montego Pet Nutrition se splinternuwe voorkoms. Die reeks wissel van premium (WUMA! Adult and Puppy) tot super-premium (WUMA! PLUS) en is beskikbaar in sakke van 1,5 kg, 8 kg en 20 kg. Sien montego.co.za.



Pret en plesier

As die sproeiers aankom, is Casey daar. – Helen du Plessis, Pretoria



Hoog en droog

Ti het 'n skaduryke lêplek op die klimraam gevind. – Ilana van Rensburg, Brackenfell



Sink of swem

'n Dapper Rusty kry haar lê in die wasbak. – Anrie Roux, Swellendam



Duik in!

Gracie vis speelgoed op die bodem uit. – Judy van Rensburg, Vanderbijlpark

WEN! Die eienaars van die diere wie se foto's hier verskyn, wen 'n middelslag-K9 Castle vir honde of 'n Nap Sack vir katte van Wagworld (wagworld.co.za; ook by veearts- en troeteldierwinkels te kry). Die K9 Castle se sye is van sterk, waterbestande seil, wat jy sommer met die tuinslang kan skoonspuit. Die verwyderbare kussingootreksel het mikrovessel aan die een kant en koel katoen aan die ander kant.

Die masjienwasbare Nap Sack kom in vier ontwerpe en is ideaal vir katte of klein honde; rol net die sye so hoog soos jou troeteldier dit verkies. Stuur jou foto's (minstens 2MB elk) en volledige kontakbesonderhede na troeteldiere@tuis.co.za – dalk is jou dieremaat ook 'n wenner! *Sien ons kompetisiereëls op bladsy 129.*

Trots
Suid-Afrikaans



V&A

Raad vir velserie

Jonathan Niehaus van Durban skryf
My labrador het klein rooi sere agter sy ore. Waarmee kan ek dit behandel?

→ Die kenners by Bayer Animal Health

antwoord Sommige honderasse met dik pelse, soos Duitse herdershonde, apporteerhonde, labradors, Sint Bernards en rottweilers, is geneig tot dié soort sere. Piotraumatiese dermatitis, ook bekend as “hot spots”, is bakteriële velinfeksies wat met inflammasie verband hou.

Dit kom algemener voor in warm, vogtige klimate en kan uiters ongemaklik wees. Die oorsaak is dikwels die *Staphylococcus intermedius*-bakterie en bydraende faktore sluit in:

- Infeksies weens skade aan die vel.
- Chroniese blootstelling aan vog, wat vel-degenerasie veroorsaak.
- Normale bakteriële flora wat verander is.
- Swak sirkulasie.

RISIKOFAKTORE SLUIT IN

- Allergieë veroorsaak deur vlooië of kos.
- Parasiete, veral *Demodex*-myte.
- Swaminfeksies.
- Endokriene siektes soos hipotireose of 'n wanbalans tussen geslagshormone.
- Immuun-onbevoegdheid, veral by jong diere.
- Liggaamskenmerke, insluitend pelslengte en velplooië.
- Trauma weens 'n oorywerige gekam-en-borsel, 'n gekrap of irritante en vreemde voorwerpe soos doringe of angels.

BEHANDELING

- Jou veearts sal waarskynlik die aangetaste deel skoonknip of -skeer, waarna dit met 'n geskikte sjampoe gewas kan word.
- Die vel moet drooggemaak word en 'n geskikte salf aangewend word. Dit kan antibiotika bevat teen bakterieë op die veloppervlak, asook 'n anti-inflammatoriese middel om pyn en ontsteking te verlig.
- 'n Kursus mondelinge anti-inflammatoriese middels en/of antibiotika is soms nodig.
- In die meeste gevalle sal die vel binne 7–10 dae na normaal terugkeer. Dis egter belangrik om die oorsake te identifiseer en uit te skakel om herhaling te voorkom.

VOORKOMING

- Pas behoorlike vlooiëbeheer toe.
- Moenie dat jou hond te veel swem nie.
- Borsel langhaarhonde gereeld.
- Verminder skielike veranderinge in en groot afwykings van jou hond se normale dieet.

KONTAK animalhealth.bayer.co.za 📍

Dié maand in jou tuin

Sny dooie blomkoppe af om meer blomme tot in die herfs aan te moedig – dit sal kleur in jou tuin behou.

Saamgestel deur Gillian Eva • Foto's Francois Oberholster en verskaf



Gillian Eva

WOEL EN WERSKAF

Die herfs is 'n goeie tyd om bome en struik te plant of te skuif, want dan kry dit kans om te vestig wanneer die grond afgekoel het en daar minder hittestres en verdamping is. Kies plante wat gesond en gevestig is met goeie wortelgroei, maar wat nie potvas is nie.



Bostonse klimop



Hydrangea quercifolia



Sedum



Japannese anemone



Daglelie



Physostegia



Gaillardia

Seisoen van oorvloed

Hoe besonders is die herfs-ewening van die Suidelike Halfrond nie jaar ná jaar nie. Dis tyd vir feestelikeheid en dankbaarheid, vir oeste wat ingesamel is, vrugte wat ryp geword het, geelgoue veldgras, fleurige padrande vol pienk en wit kosmos, en tuine wat hul herfsgewaad begin aantrek terwyl die glorie van die somer kwyn.

In die herfstuin is daar altyd beweging, danksy 'n briesie wat deur die bome beweeg en blare wat grond toe val en 'n tapyt borduur in geel, oranje en rooi. Virginiese en Bostonse klimop skep 'n vlamrooi en goue mosaïek teen tuinmure, terwyl voëls smul aan 'n fees van bessies in struik en heinings.

In randakkers spog rose wat in die somerson verbleik het nou met nuwe kleur, en deel dahlias hul herfsskoonheid net so vrygewig soos in die somer. Die eikvormige blare van *Hydrangea quercifolia* wys elke dag dieper skakerings van wynrooi en mahonie.

Staatmakers soos daglelies, *Rudbeckias* met hul donker ogies en *Gaillardias* in geel, oranje en brons maak maats met krisante in pastel- en helder skakerings.

Vetkruid (*Sedum*) se plat blomkoppe verander van

dofpienk na maroen, 'n aangename kontras met hul grysgroen vetplantagtige blare, terwyl *Eucomis autumnalis* met sy pynappelvormige blomme wat weke lank hou, besonders lyk in rotstuine of in groepe geplant.

Kweek jy *Plectranthus* vir skakerings van pienk, mauve en pers in jou herfstuin? Die blomme maak 'n spoggerige vertoning in die najaar op laaggroeiende, mediumhoë en hoë struik in ligte skaduwee. Nog 'n goeie blomstruik, en een wat hou van die son, is die pragtige lila seeroog-blommetjie (*Hypoestes aristata*).

Terwyl soveel plante hul blare afgooi, bring die eerste kamelias – die *sasanqua* met sy immergroen blinkgroen blare – 'n gevoel van bestendigheid na die tuin en verleen hul satynagtige blomme in wit, pienk en rooi 'n tikkie elegansie.

Pastelle is ook dié tyd van die jaar te sien in laventel *Caryopteris*, ametis *Perovskia*, mauve *Physostegia* en sierlike pienk *Nerines*. Pienk-en-wit Japannese anemone dans in die ligste briesie, en al lyk hul blomme hoe broos, is hulle verbasend sterk – as hulle in 'n skaduryke plek groei en genoeg water kry, sal hulle somer gou uitsprei.

Wonderlike woude

Internasionale Wouddag op 21 Maart beklemtoon hoe belangrik woude is. Diere het woude nodig vir veiligheid en kos, as toevlug weg van mense en vir beskerming teen die elemente. Bosvoëlspesies maak staat op woud-habitat vir voedsel en skuiling en om in nes te maak. Maar weens ontbossing raak woude al hoe minder.

Skep 'n stedelike ekostelsel met 'n miniatuur-woud in 'n deel van jou tuin wat skuiling aan voëls sal bied. Dit het ook ander voordele: Vallende blare verryk en verbeter grondgehalte; boomwortels verstewig die grond, hou afloopwater in toom en verminder water- en winderosie.

Koop die sterkste en grootste bome wat jy kan bekostig, want bome neem lank om te vestig. En plant hulle redelik naby mekaar. Bome moenie 'n te digte skaduwee gooi nie en moet dalk liggies gesnoei word om lig deur te laat. *Dais cotinifolia*, *Nuxia floribunda*, *Searsia pendulina*, *Vepris lanceolata* en bome wat bessies en vrugte dra, lok voëls.

Deur Kay Montgomery



Waterslim



Die fraaïste vetplante!

Agave attenuata

Dié plant se lang, geboë stam en blom is die rede vir sy volksnaam, leeustert. Dis 'n groot, aantreklike meerjarige vetplant, en met sy sagte silwergroen rosette wat soos 'n oop blom lyk, is dit altyd 'n apploustrekker. Omdat die plant, oorspronklik van Mexiko, waterwys, droogtebestand, nie-indringend en maklik is om te kweek, is dit 'n aanwinst vir jou tuin.

Kweek dit só Plant dié agave in volson of gedeeltelike skadu in grond wat goed dreineer. Gee net af en toe water sodat die grond nie heeltemal uitdroog nie; kunsmis is nie nodig nie. Klonale rosette vorm om die basis van die plant, en as jy dit so los, sal dit 'n bos vorm. Anders kan jy dié plantjies van die moederplant losmaak en uitplant. Namate dit groter groei, vorm die plante stiele van tot 120 cm lank, wat hoogte aan 'n tuin verleen.

Gebruik in die tuin Gebruik groot, indrukwekkende enkelplante omring deur laer plante as fokuspunte in 'n vetplanttuin, of laat die plant polle vorm vir 'n meer dramatiese effek. Dis die ideale aksentplant in tropiese sowel as in droë Mediterreense, stads- en kustuine, en 'n goeie opsie as treffende houerplant.

Algemene probleme *Agave attenuata* is nie rypbestand nie en moet in die winter beskut word. Slakke en naakslakke vreet graag die jong blare. As die plant in te veel skaduwee staan, kan dit die swamsiekte antraknose opdoen; te veel water kan wortelvrot veroorsaak.


KONTAK Ngena Succulents; e-pos john@ngena.africa

Stoeplant van die maand


Die perfekte paartjie

Sedum 'Little Missy' en 'Little Master' is twee grondbedekker-vetplante wat perfek by mekaar pas. Hulle maak die mooiste vertoning in potte of mandjies, aangesien die digte, matagtige loof van nature 'n ronde groeiwyse het. 'Little Missy' het klein groen-en-wit gevlekte blare en in die somer dra dit klein pienk blomme. 'Little Master' se blare is hartvormig en smaraggroen. Die plante is geskik vir stoepe en vra goeie lig en beskutting teen ryp. Potte moet goed dreineer, en plante moet diep natgemaak of deurdrenk word indien die grond heeltemal droog is. As huisplant moet dit naby 'n sonnige venster staan.

KONTAK ballstraathof.co.za



'Little Missy'



'Little Master'



Foto Carol Knoll

Waterwys plant van die maand

Blinkblaar

Die blinkblaar (*Rhamnus prinoides*) is 'n aantreklike immergroen struik of klein boom wat tot 4,5 m hoog groei, met blink loof. Sy onopvallende blomme lok bye, en van Desember tot Junie dra dit siervrugte wat in die somer groen is en daarna rooi en uiteindelik swart verkleur; dié vrugte lok verskeie voëlspesies. Dis 'n geharde, rypbestande plant en 'n goeie opsie vir heinings.



Ludwig se rooshoekie

Jeremy Sykes van Somerset-Wes skryf **My tuin het swaar kleigrond en my 'Peach Melba'-rose sukkel. Help asseblief!**

→ **Ludwig antwoord** Klewerige kleigrond kan nie verbeter word deur net kompos rondom die rose te strooi en liggies in te werk nie. Jy moet die grond belug met growwe, verrykende materiaal soos grondboontjiedoppe, gebreekte appelkoospitte of basstukkies. Werk dit sowat 40cm diep in en moenie bekommerd wees as jy van die wortels in die proses afsny of loswoel nie. Maak dadelik baie goed nat, en gee daarna om en by twee keer 'n week water. Wag tot die roos genoeg nuwe stiele en blare het voor jy bemesting toedien.



Johan de Vries van Springs skryf **Hoekom wil my 'Ann Wrighton'-rose nie blom nie? Hulle kry genoeg son.**

→ **Ludwig antwoord** Ek het onlangs 'n soortgelyke probleem in 'n tuin teëgekom. Die beddings had 'n deklaag en is weekliks natgemaak. Toe ek 'n gat tussen twee struik grawe, was die boonste 20cm klam, komposryke grond. Maar die grond daaronder was hard en kurkdroog. Dis duidelik die sproeiërs het nie lank genoeg geloop nie. Maak eerder 40 minute lank nat en grawe 'n uur later 'n gat in die grond sodat jy kan seker maak die water het die grond minstens 30cm diep ingedring.



KONTAK ludwigsroses.co.za

• Besoek die **Herfsroosfees** op Saterdag 21 Maart by Ludwig's Rose Farm noord van Pretoria. Stap of hou piekniek tussen die rose, ry in die roos-trekkertrein, sien nuwe rose, en geniet ontbyt, tee of middagete in die roos-restaurant. Skakel 012 544 0144 vir inligting.

Roostake vir elke streek in Maart

Somerreënstreek Spuit jou rose van die einde van die maand af twee keer 'n maand met Chronos teen swartvlek. Bemes met 'n dubbeldosis Vigorosa om te vergoed vir die voedsel wat die rose uit hul blare begin onttrek; maak dan goed nat. Hou aan om gereeld, minstens twee keer 'n week, water te gee. Plante wat spanning verduur weens te min water is meer vatbaar vir blaaspootjie.

Winterreënstreek Gee blommende rankrose soos 'Cocktail', 'Joseph's Coat', 'Wedding Garland', 'High Hopes', 'Isidingo' en al die Panarosas ekstra bemesting sodat hulle aanhou blom. Maak agterna goed nat. Wag tot dit begin reën en spuit dan elke maand

met 'n kombinasie van Ludwig's Insect Spray en Chronos teen plaë, swartvlek en meeldou. Spuit met Plant Care indien jy las het van blaaspootjie. Hou ook aan om gereeld water te gee.

Laevelde en KwaZulu-Natalse kus Maak gereeld nat en strooi vars deklaë. Bemes met Vigorosa en maak daarna goed nat. Spuit van die einde van die maand af twee keer 'n maand met Chronos gemeng met Ludwig's Insect Spray teen plaë. Spuit met Plant Care teen erge infestasies van blaaspootjie. Indien plante hul blare afgegooi het weens swartvlek, knyp die boonste nuwe lote af om nuwe groei aan te moedig.




Vra vir JJ

Misvormde blare

Wendy Davies van Durbanville skryf **My melkhoutboom van omtrent 14 jaar het in die afgelope jaar hierdie karbonkels op sy blare begin kry. Wat is dit en hoe raak ek daarvan ontslae?**

→ **JJ antwoord** Die probleem is bladvlooi, 'n insek wat sy eiertjies in die blare lê terwyl die blaartjie ontwikkel. Jy kan die boom spuit met Aphicide of Plant Care, wat vir omtrent drie weke lank sal werk, of jy kan Complete in water oplos en die grond rondom die boom daarmee deurdrenk sodat die wortels dit sistemies kan opneem; dit sal ongeveer ses maande lank werk. Ongelukkig sal die aangetaste blare nie weer regkom nie, maar die nuwe blare sal gesond wees.



Lastige molle

Malcolm de Roubaix van Bloubergstrand skryf **'n Stuk munisipale sandgrond langs my erf krioel van die stootmolle. Ek wil hulle nie doodmaak nie, net oortuig om elders te gaan dolwe. Is daar enige natuurlike, organiese produkte of metodes? Werk die ultrasoniese verdrywers wat ek in advertensies sien?**

→ **JJ antwoord** Ja, 'n mens kry wel natuurlike afweerders wat molle verjaag. Die middels bestaan gewoonlik uit sterk konsentrate van knoffel, uie en ander plantekstrakte (Efekto maak 'n organiese middel). Die ultrasoniese stelsels (kyk by takealot.com en builders.co.za) werk net as jou grond 'n hoë klei-inhoud het, aangesien sanderige grond nie die seine "dra" nie. 🏠

Luister Saterdag om 07:30 na JJ se Groen Vingers-tuingeselsies met Derrick Gardner in sy program *Brêkfis met Derrick* op RSG.



Esp		Druip 'n Sport		Die ... by die horings pak		Soort skildery (mv.)		Met kort treetjies beweeg	Gewild		Osteo- spermum (6,10)					
								Besoeker								
Bondel gras				Hard werk		Kronkel- derms					Lokkos					
Gleuwe	Ronde hut		Voet- slaan Pika					Mineraal- oord								
						Fiksie						Onder- werp	Verbied Bok		Meit- nerium (simbool)	
Aan die kortste ... trek		Wrede regeerder				Kla		Verhinder Geesdrif								
			Ou lengte- maat Bakpanne			Pyn hê			Ver- skillend		Velfer- dikking					
Ontsmet- area							Met wat 100 jaar								Balies	
				Noorse hoofman Reier		Water- voël					Opstan- deling		Beeld- radio			
Taksateur												60 sekondes		Denk- beeldige wesentjie		
						Man of vrou		Onder- deel								
Blom wat goed in die son aard		Iedere					'n Bokkie Uitlok							Gebied		
				VIII				Hemelse guns Koorsang					Twee langs die kop		Opstand	
										Giftige chemiese element						
				Bêre Stroperig		Insake			Meter (afk.)		Vase					



WEN! Een van agt boeke uitgegee deur Human & Rousseau ter waarde van R220 elk kan joune wees.

Elke verhaal in *Luistervink*, 'n kortverhaaldebuut deur Madré Marais, bevat iets ongewoons – nie net wat taal betref nie, maar ook karakter en perspektief. Ander skrywers is vol lof vir die bundel: Thys Human bewonder die skrywer se vermoë om bykans moeiteeloos onder die vel van uiteenlopende karakters in te kruip, terwyl die stories Riana Scheepers laat dink aan 'n groot boom met fyn takelwerk van vertakkings wat die boom bóóm maak. **Die eerste 8 lesers wie se korrekte blokraai ons trek, wen 'n eksemplaar van *Luistervink* ter waarde van R220 elk!**

Let wel Die oplossings vir blokraai #133–137 verskyn aanlyn by tuis.co.za.

Stuur die voltooide blokraai en jou kontakbesonderhede voor 31 Maart 2020 na **Tuis-blokraai #139, Posbus 1802, Kaapstad 8000, of skandeer jou ingevulde vorm en e-pos dit na kompetisie@tuis.co.za.** Sien ons kompetisiereëls op bladsy 129.

Naam Adres

Poskode Sel Tel. (w) E-pos

MAAK Slaaplose Nagte IETS VAN DIE VERLEDE



**35%
AFSLAG
+
Gratis Masseer-
terapie Stelsel**

UITVERKOPING

Ervaar 'n beter nagrus en verminder pyn, soos aangedui deur duisende van ons kliente

Artritispyen	92%
Emfiseem	91%
Rugpyn	93%
Mantelvliesbreuk	90%
Algemene Pyn	94%
Slaaploosheid	91%
Beenwatersug	92%
Swak sirkulasie	93%
Brongitis	91%

adjust4sleep
Adjustable Beds

www.adjust4sleep.co.za

VIR MEER INLIGTING OF 'N GRATIS BROSGURE

0800 242 343

SUKKEL OM OP TE STAAN?

Ervaar die Willowbrook Riser Recliner

Ideaal vir lyers van:

- Artritis
- Rugpyn
- Krampe
- Rumatiek
- Beroertes
- Spierdistrofie
- Veelvuldige Sklerose
- Gebrek aan mobiliteit
- Swak boliggaamskrag



Vir meer inligting of 'n GRATIS Brosjure

0800 242 343

www.riseandrecline.co.za

WILLOWBROOK
RECLINERS

'n Tuin vir Aleit

Die kykNET-ster Aleit Swanepoel wou 'n tuin hê, maar self kon hy dit nie aanlê nie. Toe maak hy 'n ander plan...

Deur Marié Esterhuyse
Foto's Francois Oberholster

PLANTLYS BY FONTEIN

- *Crassula ovata* 'Hobbit'
- *Crassula pellucida*
- *Sedum spectabile*
- *Senecio mandraliscae*
- *Echeveria elegans*
- *Aptenia cordifolia*
- Lugplante soos *Tillandsia ionantha*

Dié vetplantfontein het Aleit uitgeboul! Pleks van 'n fontein met water, het die landskapontwerper Eti Buys die bakke gevul met grond en 'n verskeidenheid vet- en lugplante daarin geplant. Sommige tuimel oor die rande om die idee van watervalletjies te gee. Omdat dié plante net elke twee tot drie weke water kry, maak dit nie saak dat daar nie dreineringsgate in die bakke is nie. Die dammetjie onder die fontein is later bygevoeg omdat Aleit die geluid van water wou hoor.

WIE WOON HIER?

Aleit Swanepoel en sy dogter, Kateline

WAAR Somerset-Wes

GROOTTE VAN TUIN 800 m²

GRONDTIPE Klei



Eti het vir my
gesê ons moet
*die tuin laat
glimlag*, en dit
doen sy met
kleur. – Aleit

Verfkleur

Dulux Weatherguard
Ultrasmooth
Deep Onyx

Staan jy in Aleit Swanepoel se
tuin, voel dit asof jy in 'n woud
is, ver van die res van die wêreld.

“Ek is gek oor my tuin,” vertel Aleit,
voorsitter en stigter van die Aleit-groep
wat spesialiseer in funksiebeplanning, en aanbieder
van die kykNET-reeks *Tyd met Aleit*. “Dit is omring met
hoë bome en grens aan 'n groen strook. Toe ek die eiendom
in Junie 2018 koop, was dit baie verwaarloos. Ek hou van
'n mooi tuin, maar het nie groen vingers nie. Ek sou
moes hulp kry. Dit is toe dat ek vir Eti Buys van Kimko
Gardens gevra het om my te kom help.”

“Eti weet hoe my vorige tuin gelyk het en waarvan ek
hou. Sy het vir my baie foto's gewys van idees wat sy vir
die nuwe tuin gehad het. Ek het haar laat begaan,” verduidelik
hy. “Dit was vir my 'n wonderlike verrassing om die tuin te sien, want
tot die dag dat ek hier ingetrek het, het ek nie geweet wat sy doen nie!”

Eti het in Julie 2018 met die projek begin, twee maande voor Aleit
ingetrek het. Die struktuur van die tuin was gevestig, al die groot bome
in die tuin en die pragtige pers bougainvillea was hier, maar verder was
dit oorgroei soos 'n oerwoud.



Eti Buys



‘Meer is meer’

“Die idee was om die tuin natuurlik te hou en soveel moontlik te behou van wat hier was, maar om lewe en kleur terug te bring,” vertel Eti. “Ek het toe ’n ontwerp geteken en die projek in verskillende stadiums aangepak. Eerste het my span die tuin skoongemaak en indringers uitgeroei. Ons moes ook ontslae raak van die kleigrond wat vir die swembad uitgegrawe is. Daarna is die vlakke gelyk gemaak en kon ons begin tuinmaak.”

Om die massas kompos wat nodig was in die tuin te kry moes dit deur die groen strook ingebring word. “Dit was die enigste toegang tot die tuin behalwe die trap langs die huis. Al die ander tuinbenodigdhede, soos die fontein, potte en plante, is met die trap langs aangedra. Die fontein se onderste bak is so swaar dat 15 mans dit met die hulp van komberse versigtig by die trap moes laat afgly!”

Eti het baie nuwe plante in die bedding tussen die boonste en onderste vlak van die tuin geplant. Agapante, irisse en *Bulbine natalensis*, asook vingerhoedjies, krismisrose, spoorsalies en aronskelke is geplant vir seisoenale kleur. Sy het baie van die varings hergebruik en bome soos die olienhout, witstinkhout en Chinese esdoring, wat reeds in die tuin was, netjies gesnoei en nuwe lewe gegee.

“Oral in die tuin is daar detail in die vorm van beelde, potte en selfs ’n ou raam wat in ’n boom hang. Aleit het vir my ’n klomp ornamente gegee waarvoor ek plek in die tuin moes vind, want hy glo ‘more is more’. Daar is nog baie in die motorhuis – maar iewers moes ek ’n streep trek!” >>

ALEIT SE GUNSTELINGE

“Ek wou nog altyd ’n bougainvillea in my tuin hê en nou het ek dié pragtige perse wat dwarsdeur die somer blom. Dit is my grootste gunsteling. Ek hou ook van die kruipvy wat stadig maar seker die sementstene begin toegroei. Die vingerhoedjies in die bedding wat aan die perskepitte grens, is vir my pragtig en ek kan nie wag dat die krismisrose groter raak nie. Ek is ook gek oor die varings in die skadutuin en wil hê dit moet daar oorneem.”



Al die dekor en ander tuinbenodigdhede is met die trap langs ondertoe gedra, gerol of gesleep.



Eti het die staal vir die boog in dié vorm laat buig. Dit weeg 350 kg en moes ook met die trap langs afgerol word om dit in die tuin te kry, waar dit halfpad begrawe is vir stewigheid. Dit gee die gevoel van 'n geheime ingang na 'n volgende deel van die tuin; Chinese jasmyn groei daarteen op.

Staal van Crawford Steel Services




Eti het vir Aleit 'n foto van 'n soortgelyke skaakbord gewys en hy het geweet hy moet een in sy tuin hê! Hier speel hy en sy dogter, Kateline, graag saam.



[STAATMAKERS IN DIE TUIN]

- Olienhout (*Olea europaea* subsp. *africana*)
- Chinese esdoring (*Acer buergerianum*)
- Witstinkhout (*Celtis africana*)
- Heilige bamboes (*Nandina domestica*)
- Krismisrose (*Hydrangea*-spesies)
- Vingerhoedjies (*Digitalis purpurea*)
- Kattekruid (*Nepeta x faassenii*)
- Australiese viooltjie (*Viola hederacea*)
- Vlaslelie (*Dianella tasmanica* 'Variegata')
- Roosmalva (*Pelargonium graveolens*)
- Irisse (*Iris*-spesies)
- Verskillende soorte laventel (*Lavandula*-spesies)
- Spoorsalies (*Plectranthus*-spesies)
- Aronskelke (*Zantedeschia aethiopica*)
- Ment (*Mentha*) as grondbedekker
- Kruipvy (*Ficus pumila*)
- Verskeidenheid kruie in houers


Weens te min son wou gras nie rondom die fontein en langs die swembad groei nie. “Die perskepitte (*regs bo*) is uit nood gebore,” vertel Aleit. “*Top Billing* sou kom afneem en ek het besef ons moet vinnig iets aan die gras doen. Ek en Eti het 'n hele paar opsies oorweeg en op perskepitte besluit. Die donkerbruin van die pitte pas by die huis se kleur en dit hou langer as byvoorbeeld bas. Boonop gee dit interessante tekstuur aan die oppervlak.” Vingerhoedjies (*regs middel*) blom in die lente en somer. Aleit is gek oor tuinornamente soos dié sementbeeld (*regs*) wat hy vir dekor by 'n troue gebruik het. >>





[ONDERHOUD]

Gibson Banda, Aleit se regterhand, en sy buurvrou Antoinette Stockley, help met die onderhoud van die tuin. "Ek het tot onlangs nie eens geweet Antoinette het 'n afstandbeheerder van die hek nie; sy kom en gaan soos sy wil. Sy en Gibson gee die plante kos, sit hand by waar nodig en hou die kruiebokse in stand. Ek het die houtkrate by 'n kerkbasaar gekoop. Ek is gek oor 'n kerkbasaar. Antoinette het die bokse vol geplant en weet wat om te doen om dit so goed te laat groei. Om te keer dat die hout vrot is die bokse met swart plastiek uitgevoer voor die grond ingesit is. Eti kom help wanneer en soos nodig met onderhoud, veral voor 'n groot geleentheid," sê Aleit. Dan voeg hy laggend by: "En wat doen ek? Ek loop net deur die tuin en geniet dit!"



Ronde trapblokke (*links*) is spesiaal gemaak vir 'n deel van die tuinpaadjie. Die sementvorm is net daar waar die plaveiblok moes wees, neergesit en met sement gevul. Só is die paadjie sirkel vir sirkel gemaak. Ter afwisseling is ook leiklip vir dele van die paadjies gebruik. 📍

VERSKAFFERS EN KONTAK

Crawford Steel Services aspectgroup.co.za

Kimko Gardens kimko.garden

Plante van Cape Garden capegardencentre.co.za en Shadowlands

Wholesale Nursery shadowlands.co.za

WEN

Een gelukkige leser kan 'n agtsitplektafel van WODC ter waarde van R14 000 losslaan!



*Die tafel kan
binne of
buite gebruik
word.*

Die Latynse woord *concretum* is deur die eeue heen sinoniem met sterkte en duursaamheid. Oorblyfsels van die materiaal bekend as beton is in van die beroemdste geboue van die Romeinse Ryk gevind en dateer tot 7 000 jaar terug. Maar ondanks dié vroeë bewyse het die kuns van betonvervaardiging om die een of ander rede verlore gegaan. Dit was eers in die 17de eeu dat beton herontdek is en weer een van die mees gebruikte boumateriale van alle tye geword het.

Vandag sit World of Decorative Concrete (WODC) – kenners van strukturele en dekoratiewe beton, insluitend ruwe en gepoleerde betonvloere, tafelblaaie, teëls,

bolae, muurbekledings, meubels en dekortoebehore – die tradisie van dié veelsydige materiaal voort en omskep hulle die gewone in tydlose weelde-produkte.

WODC is een van die grootste kontrakteurs vir die skuur en polering van beton in Suid-Afrika en hul spogprojekte is van die Ivoorkus tot in Mauritius, Namibië, Botswana en Suid-Afrika te sien.

Vandag dring voorste argitekte gereeld aan op WODC-produkte vir hul top-projekte. WODC is 'n trots Suid-Afrikaanse maatskappy en al hul produkte vir mure, vloere en werkvlakke word plaaslik ontwerp en vervaardig. WODC geniet ook die professionele steun van twee gevestigde

ondernemings, naamlik Quickslab en Stucco Italiano.

- Besoek wodc.co.za vir nog inligting – of skakel 021 982 0006 of 021 982 1490.

DIE PRYS

'n Agtsitplektafel (2,4 x 0,9m) met 'n blad van gepoleerde beton en houtbasis van dennehout of meranti.

SKRYF SÓ IN

SMS die sleutelwoord **WODC**, gevolg deur jou naam, straat- en e-posadres na 33409; elke SMS kos R1,50. *Sien ons kompetisie-reëls op bladsy 129.*

SLUITINGSDATUM

31 Maart 2020

KAMERS VOL. verrassings

Kom stap saam van vertrek tot
vertrek deur dié “geboude” tuin.

*Deur Marié Esterhuyse
Foto's Francois Oberholster*

Struktuur, trappies, muurtjies én baie blomme – dit is die tuin-elemente waaroor Beatrice Moore-Nöthnagel, jare lank 'n *Tuis*-redaksielid en nou 'n gereelde medewerker, gedroom het.

Maar hul erf was skuins en die grond pure klei. Sy en haar man, Christo, het gou besef self gaan hulle nie die tuin van hul drome regkry nie en het Wouter Kruidenier van De Kruidenier Eksklusiewe Tuine se hulp ingeroep.

“Ons het koppe bymekaargesit en ons wense met hom gedeel,” vertel Beatrice. “Alles wat verder hier gebeur het, is te danke aan Wouter en sy span. Hy het die plan geteken, plante gekies waarvan ons baie hou en die hele projek bestuur. Ek sê altyd vir mense ons het besluit om nie by ons huis aan te bou nie, maar om vir ons 'n tuin te ‘bou’. Die tuin verskaf vir ons ongelooflik baie plesier. Dit was elke sent werd!” >>



WIE WOON HIER? Beatrice en Christo Nöthnagel en hul drie kinders, Emma (9) en die tweeling Philip en Nielen (3)

WAAR Durbanville

GROOTTE VAN TUIN 418m²

GRONDTIPE Kleigrond met 'n bolaag van leemgrond



Die roostonnel wat die swembadtuin met die voortuin verbind, gee struktuur aan die tuin. Rooi bakstene en sementoppervlakke is deurlopend gebruik om 'n geheelbeeld te skep.

Die tuin kry gestalte

Die projek het in April 2015 afgeskop en sowat nege weke geduur (die swembad is vooraf ingesit). Só is dit aangepak:

Eers moes hulle gelykmaak

Die erf se helling het tuinmaak bemoeilik. Benewens die grond wat vir die swembad uitgegrawe is, is nog sowat 85 kubieke meter goeie leemgrond ingery om die oppervlak gelyk te kry. Met dié goeie tuingrond as bolaag was die swak kleigrond ook nie meer 'n probleem nie. In die laer dele van die tuin is sypelslote ingesit om met dreinerings te help. 'n Stewige lae stutmuur is ook tussen die swembad en die grensmuur gebou om die gewig van die ekstra grond te dra en te keer dat die grensmuur omval.



[TUINKAMERS]

- 1 Hooftuin met waterfokuspunt
- 2 Onthaalarea
- 3 Onderste vlak
- 4 Voordeurtuin
- 5 Swembadtuin
- 6 Roostonnel



Illustrasie Jade Cupido



Voor



Eers die swembad



Strukture kry vorm


Toe kon hulle strukture begin bou

Met die grond gelykgemaak, kon muurtjies en trappies gebou word; dit het verskillende vlakke en tuinkamers geskep. Sementpaadjies met 'n rooi baksteenrand wat by die rooi sierstene van die huis aansluit, verbind die verskillende dele van die tuin. Danksy dié randafwerking vorm die tuin en huis 'n eenheid.

Die Nöthnagels hou baie van die voorkoms van klein klompiestene en wou dit graag in die tuin gebruik. Maar dié stene is duur en om genoeg vir al die paadjies en muurtjies te koop, sou te veel kos. Wouter het toe klas 2- rooi De Hoop-bakstene van Corobrik gekies en op hul kante gedraai; só het hy min of meer dieselfde voorkoms met veel goedkoper stene geskep.

Oral in die tuin is gesnoeide heinings. Dit gee ook struktuur aan die kamers en word gebruik om grensmure toe te groei, privaatheid te gee en groen mure te vorm. >>






Kleur gee lewe

Die sementoppervlak wat vir die paadjies en bankies gebruik is, skep 'n aardse en tydlose gevoel. Van die sementmure, asook die pizzaoond, is met 'n rooi ysteroksied-poeier geverf om dit 'n roesbruin voorkoms te gee. Die poeier is by ysterwarewinkels te koop; dit word met water gemeng en aangeverf en hoef net een keer gedoen te word om permanent dié voorkoms te skep. Klipbekleding is as tekstuurryke afwerking rondom die pilare by die roostonnel en die kuierarea gebruik. Dit is met die hand gekap en soos 'n legkaart inmekaargepas.



Die sementbankies en pizzaoond is perfek vir heerlike buitekuiers, so ook die vuurput waarin woestynrosies pryk wanneer dit nie gebruik word nie.

Merantibalke van Rare Woods SA;
klipwerk deur Van Staden Retaining Systems




[PLANTLYS]

'n Verskeidenheid heiningplante skep struktuur, kontras en privaatheid:

- Australiese jamboes (*Syzygium paniculatum*)
- Chinese banaan of Indiese lourier (*Ficus microcarpa*)
- *Ficus* 'Hawaii' en *F.* 'Gold King'
- Witpeer (*Apodytes dimidiata*)
- Teerhout (*Loxostylis alata*)
- *Viburnum sinensis* en *V. tinus* 'Compactum'

Tjienkerientjies



Kruipvy versag die huis se baksteenmure; herhaling van dié element skep eenvormigheid. (Lees meer oor dié klimplant op bl. 112.)



Verskillende vertrekke

Die tuin is in ses tuinkamers verdeel, elk met 'n eie karakter en kleurskema:

1 Hooftuin met waterfokuspunt

'n Hoë heining van Australiese jamboes vorm 'n digte groen muur aan die sykant van die erf en verbloem die inrit. Stap jy van die inrit deur die ingang in dié heining, is die waterfokuspunt in 'n sirkelontwerp die eerste ding wat jy sien. Dié elemente gee struktuur aan die voortuin, wat verder beklemtoon word met netjies gesnoeide lae soutbosheinings. Blou, pers en wit is die kleurskema in dié deel van die tuin. In die fontein spuit die boorgatwater tot die kinders en honde se plesier! Dit lok baie voëls en die klank van die water kan tot in die huis gehoor word.

'n Oorvloed reusepapierblomme groei in die beddings wat deur die soutbosheining omraam word. Bolle soos tjiemkerientjies en Hollandse irisse gee seisoenale kleur.

Ons geniet die tuin vanuit elke vertrek van die huis. Daar is reg deur die jaar *iets wat blom en vir ons plesier gee.* – Beatrice

[PLANTLYS]

Blou, wit en pers blomme verskaf kleur in die voortuin:

- *Buxus microphylla* 'Faulkner' rondom die fontein
- Reusepapierblom (*Limonium perezii*)
- Bolplante soos tjiemkerientjies (*Ornithogalum thyrsoides*-hibriede) en Hollandse irisse
- Soutbosheining (*Einadia hastata*) vir kontras

WHAT IS AVAXHOME?

AVAXHOME-

the biggest Internet portal,
providing you various content:
brand new books, trending movies,
fresh magazines, hot games,
recent software, latest music releases.

Unlimited satisfaction one low price
Cheap constant access to piping hot media
Protect your downloadings from Big brother
Safer, than torrent-trackers

18 years of seamless operation and our users' satisfaction

All languages
Brand new content
One site



AVXLIVE ICU

AvaxHome - Your End Place

We have everything for all of your needs. Just open <https://avxlive.icu>

2 Onthaalarea

Wat voorheen net 'n ongelyk, dooie hoek was, is nou die heerlikste kuierplek! Die bestaande grensheining van Australiese jamboes het hoog genoeg gegroei dat dit die bure se dubbelverdiepinghuis wegsteek en daarom is dié deel heerlik privaat. Die onthaalarea is 'n trappie hoër as die swembadtuin om die gevoel van 'n aparte tuinkamer te skep. Die vloer is 'n kombinasie van sement en rooi bakstene. Pilare is gebou en 'n merantipriël opgesit omdat dié kol baie warm kan raak. Hieroor groei sierdruwe en 'n verskeidenheid jasmyn wat op verskillende tye blom en heerlik ruik. >>

[PLANTLYS]

Klim- en sierplante verfraai die onthaalarea:

- Azalea-hibriede
- Sterretjiesjasmyn (*Jasminum multipartitum*)
- Sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*)
- Vergeet-my-nie-boom (*Duranta erecta* 'Sheena's Gold')
- Verbleikblom (*Brunfelsia pauciflora* 'Eximia')
- Vingerhoedjie (*Digitalis purpurea*)
- Kraanvoëlblom (*Strelitzia reginae*)
- Japanse kalmoes (*Acorus gramineus* 'Golden Edge')
- Spieëlplant (*Coprosma repens* 'Marble Chips')
- *Viburnum tinus* 'Compactum'

Praktiese jarrahoutmeubels wat permanent buite kan staan, is perfek vir die onthaalarea. Dis ongeseël en word net twee tot vier keer per jaar met 'n spesiale plantseep gewas. 'n Groot lantern sorg vir atmosfeer saans.

Tafel en stoele van Hope Garden Furniture; pizzoond van Italoven; lantern van Ambiente Luce



Pienk is ons *gunsteling-*
kleur! – Beatrice

3 Onderste vlak

Hier groei 'n groot verskeidenheid pienk blomme wat veral in die lente kleur gee. 'n Geroeste staalpot met 'n Franse voorkoms van Plaisir du Jardin is die fokuspunt in dié tuinkamer. Dit is simmetries geplaas en vorm ook die middelpunt as jy van die swembadtuin deur die roostonnel na die pienk tuin kyk.

[PLANTLYS]

Dié plante sorg dat daar vir lang tye pienk blomme is:

- Inkalelies (*Alstroemeria aurea*)
 - Suurberggrasklokkie (*Dierama pendulum*)
 - Hibiskusse (*Hibiscus rosa-sinensis*)
 - Verskeie malvas (*Pelargoniums*)
 - Egiptiese sterrebondel (*Pentas lanceolata*)
 - Persblaarkersiepruim (*Prunus cerasifera* 'Nigra')
 - Indiese meidoring (*Raphiolepis x delacourii* 'Kruschenia')
 - *Watsonia*-spesies
 - Olifantsoor (*Alocasia macrorrhiza*)
- vir struktuur en rondgesnoeide spikkelblaarkasuur (*Pittosporum tenuifolium* 'Garnettii') vir hoogte


4 Voordeurtuin

Hier is hoofsaaklik skakerings van herfskleure met spatsels pienk. Twee amberbome se blare verkleur pragtig in die herfs en beklemtoon die kleurskema. Leiklipteëls by die voordeur is opgekap en vervang met 'n sementoppervlak met 'n rooi baksteenrand wat by die paadjie na die waterfokuspunt aansluit. Die houtvoordeur is blougrys geverf (Tjhoko Paint se Godfrey's Glimpse) en 'n hangmandjie met rooi malvas skep kontras. >>

[PLANTLYS]

Dié plante se herfskleurige blare en blomme groet jou met die intrapslag:

- Amberbome (*Liquidambar styraciflua*)
- Josefskleed (*Alternanthera* 'Purple Knight')
- Inkalelies (*Alstroemeria* 'Indian Summer')
- Kanna (*Canna* 'Tropicanna')
- *Crassula multicava* 'Maroon'
- Carex-grasse
- *Dodonaea viscosa* 'Purpurea'
- Teeboom (*Leptospermum scoparium* 'Big Red')
- Heilige bamboes (*Nandina domestica*)
- Kruipvy (*Ficus pumila*) versag die mure



Ligte in die tuin omskep die plante saans in fokuspunte en verlig die tuinpaadjies.

Helder

Die Woodoc-Manier



Ons stel bekend die nuwe
Woodoc Colours BRIGHTS!

Woodoc®
KOS VIR HOUT™

Geskik vir gebruik saam met Woodoc Waterdraende- en Oplosmiddelbasis Verseëlaars.

Ons webwerf het volledige besonderhede en "Hoe-om-dit-te-doen" -advies.

Gebruik ons nuwe Woodoc Wizard om die
perfekte verseëlaar te kies. www.woodoc.help



Woodoc Kliëntediens: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Tolvry 0800 411 200,
gedurende kantoorure. www.woodoc.com Woodoc WhatsApp +27 66 302 4702

5 Swembadtuin

Dié tuin is op 'n hoër vlak as die voortuin; trappies van rooi bakstene verbind die twee dele. Dis aan die westekant van die huis en raak daarom baie warm in die somer. Langs die swembad groei blou blomme, en 'n heining van *Duranta erecta* 'Sapphire Showers' versteek die grensmuur. Hier plant Beatrice eenjarige soos petunias in die somer en gesiggies in die winter vir kleur. Die swembad het ook 'n rooi baksteenrand om by die res van die tuin te pas. Vanaf die swembad is daar deur die roostonnel 'n uitsig op die pienk voortuin met die geroeste ysterpot as fokuspunt.




Dié druiwe bo die stoep is heerlik! Dit word elke week vandat die korrels verskyn, met Margaret Roberts Organic Fungicide gespuit en die trosse word met bruinpapiersakkies toegemaak sodat voëls dit nie eet nie.

[PLANTLYS]

Blou blomme laat dié warm tuinkamer koeler voel:

- *Duranta erecta* 'Sapphire Showers'
- Koringblommetjie (*Scabiosa africana*)
- Reusepapierblom (*Limonium perezii*)
- 'n Verskeidenheid salies (*Salvia*)
- Petunias
- Roosmaryn (*Salvia rosmarinus* 'McConnell's Blue')
- *Vitex trifolia* 'Purpurea'
- Wingerd vir koelte en besemgras (*Aristida junciformis*) vir beweging



Staalwerk deur Durbanville Engineering; skrynwerk deur Llewellyn Williams


6 Roostonnel

Al die blomme in die beddings hier is wit, en gee dus ook saans trefkrag. Wit banksiarose en vier ligpienk 'Nahéma'-rose, wat heerlik ruik, groei oor die roostonnel. Die rose het aanvanklik baie swaar gekry en heelparty het doodgegaan weens die hoë soutinhoud van die boorgatwater. Nou gee Beatrice dit met 'n gieter water, of Christo en die seuns lei reënwater vanuit die tenk met 'n tuinslang en pompie tot daar. Beatrice verwyder ook enige uitloopsels onderlangs op die stamme ten einde meer blare en sytakke bo teen die boog aan te moedig sodat dit dig kan toegroei. Twee hangmandjies met wit malvas rond die prentjie af. 🏡

[PLANTLYS]

Rondom die roostonnel groei plante met wit blomme:

- Wit agapante (*Agapanthus* 'Alba')
- Bolplante soos wit freesias, Hollandse iris, watsonias en tjiengerientjies
- Valsheide (*Cuphea hyssopifolia* 'Alba')
- *Dianella tasmanica* 'Variegata'
- *Lychnis coronaria* 'Alba'
- Kaapse mei (*Spiraea cantoniensis*)
- Sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*)
- Aronskelk (*Zantedeschia aethiopica*)
- *Plumbago auriculata* 'Alba'
- Seweweeksvaring (*Rumohra adiantiformis*) vir groenigheid



PATIO WAREHOUSE



Die Grootste Verskeidenheid Patiomeubels en Bykomstighede in Afrika



www.patiowarehouse.co.za | 087 825 1120  

Centurion - 012 657 9400 | Randburg - 011 801 0820 | Kaapstad- 021 526 7240

Somerset-Wes - 021 840 4160 | Umhlanga - 031 566 8550 | George - 044 010 0102

Groen, LEWENDE MURE

Danksy dié twee klimplante kan jy 'n muur met gracie laat toegroei.

Deur Marié Esterhuyse • Foto's Francois Oberholster

Kruipvy

Het jy 'n onooglike muur wat jy wil laat toegroei, of wil jy dalk kontras teen 'n mooi baksteenmuur skep? Dan is 'n kruipvy (*Ficus pumila*) 'n goeie keuse. Dié klimplant klou self aan feitlik enige oppervlak en het geen ekstra ondersteuning of vasbind nodig nie. Dit groei aanvanklik stadig, maar die klein, jong blaartjies wat styf teen die muur vassit, maak 'n baie mooi vertoning – dit lyk kompleet of die jong takke met hul heldergroen blaartjies in 'n patroon al met die muur langs groei.

Met verloop van tyd vorm daar uit die dun hooftak nuwe horisontale takke wat weg van die muur af groei. Dié takke het nie die selfklouvermoë van die aanvanklike jong groei nie en die blare wat daarop vorm, is groter. Indien jy die plant toelaat om sytakke te ontwikkel, sal die blare nie net groter wees nie, maar sal die plant ook meer struikagtig vertoon en dikker, houtagtige stamme vorm.

As jy hou van die kleiner blaartjies wat styf teen die muur groei, sny die sytakke voortdurend tot teen die muur af. Nuwe klein blaartjies hou aan met uitloop, daarom sal jou muur nie kaal lyk wanneer jy die groter groei wegsny nie.

Kruipvy is 'n maklike groeier en afgesien van terugsny het dit min onderhoud nodig. Plant dit in komposryke grond wat goed dreineer. Hou die plant goed nat tot dit gevestig is; daarna het dit nie baie water nodig nie, solank die grond net nie heeltemal uitdroog nie.

Dis ook maklik om dié klimplant te vermeerder. Knip 'n takkie van sowat 10–15 cm af en sny die boonste 3 cm af – dié sagte, nuwe groei verwelk gou. Verwyder die blare aan die onderste helfte van die takkie en druk die steggie halfpad in 'n potjie met potplantgrond. Hou klam. Jy kan ook lote wat grondlangs groei en reeds wortels gevorm het, gebruik om meer plante te maak. Grawe die lote uit, sny dit in kleiner stukke en plant dit in 'n pot. Sny oortollige blare van die lote af sodat die steggie meer energie het vir wortelvorming.

Wenk Kruipvy sal nie jou huis se fondasies beskadig nie, maar jy moet dit nie gebruik om krake te bedek nie – die wortels sal by die krake ingroei en sake vererger. Hou jou kruipvy dop en snoei waar nodig.

Plantgids

Volksnaam Kruipvy

Botaniese naam *Ficus pumila*

✓ **Son tot halfskaduwee**

✓ **Rypbestand**

✓ **Gemiddelde waterbehoefte**

✓ **Immergroen**

Muehlenbeckia complexa

Vir 'n delikate ranker wat goed aard in die skaduwee, is muehlenbeckia 'n goeie keuse. Dié ranker is immergroen in warmer dele van die land en bladwisselend in kouer dele. Dit groei vinnig en vorm gou 'n digte massa ineengevlegte dun takkies.

Die klein donkergroen blare kontrasteer mooi met die rooibruin kleur van die takkies. Muehlenbeckia het 'n ligte raamwerk nodig om teen op te groei, maar hoef nie vasgebind te word nie – die takkies draai hulself vas.

Plant dit in klam, komposryke grond wat goed dreineer. Moenie dat die plant in te warm, direkte son groei nie, en sorg dat dit nie uitdroog nie. Snoei dié ranker net terug as dit onnet raak of groei waar jy dit nie wil hê nie; andersins vra dit min aandag.

Gebruik van die ouer, harder groei om steggies te maak. Sny 'n takkie van ongeveer 10cm lank af en verwyder die blaartjies op die onderste deel. Druk dit halfpad in 'n potjie met potplantgrond en hou dit klam totdat daar genoeg nuwe groei is – dit is ook 'n aanduiding dat wortels gevorm het.

Muehlenbeckia maak 'n mooi potplant en lyk pragtig wanneer dit oor die rand van die pot hang. Of plaas 'n raamwerk in die pot waarteen dit kan opgroei; dit vorm 'n treffende fokuspunt. En pluk gerus van die takkies vir jou huis, want hulle hou lank in water. 🏠

Plantgids

Volks- en botaniese naam
Muehlenbeckia complexa

✓ **Halfskaduwee tot skaduwee**

✓ **Gemiddelde waterbehoefte**

✓ **Rypgevoelig**

✓ **Immergroen en bladwisselend**

Bronne Maak tuin saam met Keith Kirsten deur Keith Kirsten; portlandnursery.com; plantophiles.com

GEURE UIT DIE **Franse platteland**

Wanneer die bome se blare verbruin en someraande begin koeler word, sal dié resepte jou saamnooi op 'n geurreis na die Franse platteland.

*Deur Johané Neilson
Foto's Francois Oberholster*

*Hoender met
pastis
Resep op bl. 120*

**Aartappelgebak
à la Normande**
Resep op bl. 120





Varkfilet met brandewyn-pruimedante

Tradisioneel is vark met pruimedante 'n stadig gestoofde eenpangereg, maar as jy filet gebruik, is dié geurige ete in 'n japtrap klaar.

Genoeg vir 4 ruim porsies • Bereidingstyd: 20 minute • Gaarmaaktyd: 20 minute

- 12 pruimedante, ontpit en gehalveer
- 90 ml brandewyn
- 2 x 800g-varkfilette
- 30 ml elk botter en olyfolie
- 12 klein worteltjies, geskil en gehalveer
- 2 selderystingels, gekap
- 2 knoffelhuisies, gekap
- 2 lourierblare
- 2 takkies tiemie
- 'n paar salieblare
- 5 ml meel
- 125 ml elk aftreksel en room

1 Week die pruimedante oornag in die brandewyn sodat die geure kan intrek en die droëvrugte kan swel. (As die tyd knyp, kook dit 'n paar minute saam.)

2 Sny elke filet in vier stukke. Plaas die vleis met die gesnyde kant na bo op 'n kapplank en slaan effens platter met 'n vleishamer in skywe van sowat 2 cm dik. Geur goed met sout en vars gemaalde swartpeper.

3 Verhit die botter en olie in 'n pan en braai die vleis vinnig oor hoë hitte tot goudbruin alkante. Haal uit die pan en laat rus; behou

die olie wat agterbly.

4 Braai nou die wortels en seldery in dieselfde pan tot glansend. Roer die knoffel, pruimedante, brandewyn en kruie by en kook tot amper al die vloeistof verdamp het. **5** Roer die meel by en braai 'n minuut. Klits die aftreksel en room by en kook tot die sous dik is. Skep die vleis terug in die sous en verhit tot deurwarm. Die vleis behoort danksy die rustyd deurgaar maar steeds sappig te wees (toets met 'n skerp mes). Sit dadelik voor met kapokaartappels en 'n groen slaai.



Blomkoolsop met amandels

Die botter en aartappels maak die sop romerig sonder die byvoeging van room of melk, en 'n knippie truffelsout gee dit 'n eksotiese geur.

Genoeg vir 6 • Bereidingstyd: 10 minute • Gaarmaaktyd: 35 minute

- 'n groot klont (30 ml) botter
- 1 mediumgroot kop blomkool, gekap
- 3 mediumgroot aartappels, in blokkies gesny
- 2 takkies tiemie
- 'n ruim knypie vars neutmuskaat
- 1 liter goeie aftreksel
- 15 ml elk olyfolie en botter
- 100 g amandelsplinters
- 'n knippie truffelsout (opsioneel)

1 Smelt die botter in 'n groot pot en braai die blomkoolstukkies daarin tot geurig. Geur mildelik met sout en peper. Roer die aartappels by en braai nog 'n paar minute. Geur met die tiemie en neutmuskaat en voeg die aftreksel by. Bring tot kookpunt, draai dan die temperatuur af tot laag en laat prut met die deksel op vir sowat 30 minute of tot die groente gaar is.

2 Smelt die olie en botter saam in 'n klein pan en braai die amandels tot mooi goudbruin.

3 Verwerk die sop tot glad met 'n staafmenger. Proe, en geur met die truffelsout en varsgemaalde swartpeper. Garneer met die amandels en die gesmelte botter uit die pannetjie. Sit voor met vars brood. >>

*Lam met tamatie
en olywe*
Resep op bl. 120



Crème brûlée

Dié happiegroot nageregte is heerlik wanneer jy ná 'n groot maal net 'n klein gaatjie het vir poeding.

Genoeg vir 6 • Bereidingstyd: 15 minute, plus stolyd • Gaarmaaktyd: 1 uur 5 minute • Oondtemperatuur: 120°C

- 250 ml melk
- ½ vanieljepeul, saadjies uitgeskraap
- 6 eiergele
- 120 ml strooisuiker
- 125 ml room
- bruinsuiker
- vars piesangskyfies en bessies (opsioneel)

1 Voorverhit die oond. Verhit die melk en vanieljesaad saam tot net onder kookpunt (daar moet stoom uit die melk trek, maar dit moenie borrels maak nie), verwyder van die hitte en laat trek 'n paar minute.

2 Gebruik 'n ballonklitser en klits die eiergele en strooisuiker saam tot lig. Roer die room by die melk en klits die melkmengsel nou geleidelik by die eiergele tot glad. Probeer om nie so driftig te klits dat daar baie skuim vorm nie.

3 Plaas ses glas- of keramiekbakkies met 'n 100ml-inhoudsmaat in 'n diep oondbak. Giet die eiervla in die bakkies, skep enige skuim af en giet genoeg

kookwater in die oondbak dat die bakkies halfpad in die water staan. Sit die oondbak versigtig in die oond en bak vir sowat 1 uur. Dit klink geweldig lank vir sulke klein nagereggies, maar onthou, dit gebeur teen 'n baie lae temperatuur.

4 Haal die bakkies uit die kookwater en laat afkoel tot kamertemperatuur; verkoel dan in die yskas tot koud.

5 Om voor te sit, strooi 'n lagie bruinsuiker oor elke nagereg se oppervlak en gebruik 'n blaasvlam om dit versigtig te karamelliseer. Ek sit soms 'n paar skyfies piesang onder die suiker voor ek dit brand vir ekstra tekstuur, maar 'n paar bessies bo-op die karamelsuiker is ook heerlik. Sit dadelik voor. >>



Hoender met pastis

Pastis, 'n helder, anysgegeurde Franse likeur, smaak na pure vakansie. Gemeng met water en ys lyk dit melkerig, maar pasop, dit gaan vinnig kop toe. My resep is geïnspireer deur Mireille Guiliano se pastis-hoender uit *French Women For All Seasons*, wat sy afrond met swart olywe, tamatie en basilie. Ek voeg vye en heuning by myne as 'n ode aan Provence.

Genoeg vir 6 ruim porsies

Bereidingstyd: 10 minute, plus marineertyd

Gaarmaaktyd: 1 uur 20 minute

Oondtemperatuur: 180 °C

- 1,2 kg heel skroppoender
- Maldonsout en varsgemaalde swartpeper
- 15 ml heuning
- 6 salotte of klein uitjies, geskil en gehalveer

MARINADE

- 125 ml Ricard Pastis de Marseille (te kry by Makro)
- 60 ml olyfolie
- 60 ml water
- 1 bouquet garni
- 1 lang reep suurlemoenskil
- 4 knoffelhuissies, geskil en gekneus
- 60 g gedroogde vye, grofgekap

1 Meng al die bestanddele vir die marinade. Sit die hoender in 'n bak met 'n digsluitende deksel, giet die marinade oor en sit dit oornag in die yskas. Draai die hoender af en toe om sodat dit oraloor kans kry om in die geure te baai.

2 Laat die hoender kamertemperatuur bereik voor jy dit gaarmaak. Voorverhit intussen die oond.

3 Sit die hoender met die borskant na bo op 'n draadrakke in 'n oondbak, geur mildelik met Maldonsout, varsgemaalde swartpeper en heuning. Giet die marinade in die oondbak, voeg die uitjies en sowat 'n koppie of wat water by (die water keer dat die pansappe brand). Rooster die hoender vir 1 uur en 20 minute. Tradisioneel word 'n geroosterde hoender elke 20 minute

geroteer sodat dit oraloor bruin braai – besluit self of jy so baie met die kiepie wil karring. Die hoender is reg wanneer 'n boudjie maklik van die dytjie wegtrek en die vel mooi goudbruin is. Laat rus die hoender sowat 10 minute voor jy dit sny. Ek is mal oor die vrugtige geure saam met bruinrys of gort, en natuurlik vars baguette.

Aartappelgebak à la Normande

Gebakte roomaartappels is 'n Suid-Afrikaanse instelling (met of sonder die bruinuiessop-poeier!). Die oorsprong van dié gewilde bykos is waarskynlik die Franse aartappel au gratin – skyfies halfgaar aartappel, gebak met room en kaas. Die byvoeging van soetsuur appel, dekadente crème fraîche en camembert maak dit 'n heerlike vegetariese ete met 'n slaai daarby.

Genoeg vir 4

Bereidingstyd: 25 minute

Gaarmaaktyd: 40 minute

Oondtemperatuur: 200 °C

- 500 g aartappels, geskil en dungsny
- 45 ml botter, plus ekstra vir smeer
- 3 klein Granny Smith-appels, geskil, ontpit en in dun wiggies gesny
- sout en varsgemaalde swartpeper
- 1 ryp camembertkaas, in skyfies gesny
- 125 ml pekanneute, grofgekap
- 200 g crème fraîche of suurroom

1 Voorverhit die oond. Kook die aartappels in soutwater vir sowat 8 minute of tot net-net sag; dreineer versigtig.

2 Smelt die botter in 'n pan en braai die appelskyfies 'n paar minute aan 'n kant tot dit begin bruin braai. Hou eenkant.

3 Smeer vier individuele oondvaste bakkies met botter. Geur die aartappels met sout en peper en pak nou die aartappels, appel-skyfies, kaas, neute en suurroom in lae tot alles opgebruik is – probeer om met 'n lepel suurroom en 'n ekstra strooisel sout en peper te eindig. Bak sowat 30 minute. Geniet warm of teen kamertemperatuur.

Lam met tamatie en olywe

Plomp, rooiryp tamaties, swart-pers eiervrug, blink olywe en spierwit knoffel – dié bestanddele laat my dink aan 'n Franse kosmark, en die geure is verruklik saam met lam.

Genoeg vir 6–8

Bereidingstyd: 30 minute

Gaarmaaktyd: 1 uur 30 minute

Oondtemperatuur: 160 °C

- 8 lamsblattjops
- 5 ml elk gestamppte koljander en komyn
- 60 ml olyfolie
- Maldonsout en varsgemaalde swartpeper
- 2 mediumgroot eiervrugte, in skyfies gesny
- 400 g kersietamaties, verkieslik met stingels
- 15 ml kappertjiesaad
- 100 g swart olywe, ontpit
- 2 knoffelhuissies, gekap
- 60 ml rooiwynasyn
- 3 takkies tiemie
- 1 rooi ui, gekap
- 500 g baba-aartappeltjies, gekook

1 Meng die speserye en olie deur die lam en geur mildelik met Maldonsout en varsgemaalde swartpeper. Verhit 'n oondvaste pan (gebruik een met 'n deksel) en braai die tjops oor hoë hitte tot goudbruin oraloor. Skep uit en braai nou die eiervrugskyfies in dieselfde pan tot gaar.

2 Voorverhit die oond. Skep die lam terug in die pan saam met die res van die bestanddele, behalwe die aartappels. Sit die pan se deksel op en bak in die oond vir sowat 1 uur en 15 minute. Sit die lam en groente voor met die aartappeltjies om die heerlike sous op te mop.

Wenk As jy tyd het, braai die eiervrugskyfies in 'n riefelpan. Die rokerige geur van die skroeielyne gee ekstra oemf.





Salm met pienk peper en papillote

En papillote beteken “gestoom in ’n pakkie”, en dis baie makliker as wat dit klink.

**Genoeg vir 4 as voorgereg • Bereidingstyd: 10 minute
Gaarmaaktyd: 12 minute • Oondtemperatuur: 180 °C**

- 4 x 100g-porsies salm, vel verwyder
- 4 halfmaanskyfies lemoen
- 4 lourierblare
- 5 ml pienk peperkorrels, grofgestamp
- SOUS**
- sap van 1 groot lemoen
- 15 ml suurlemoensap
- 15 ml droë witwyn
- 30 ml sojasous
- 2 cm vars gemmer, geskil en dungsny
- ’n knippie suiker

1 Sit al die sousbestanddele in ’n klein kastrol en bring tot kookpunt. Kook driftig totdat die vloeistof met die helfte ingedamp het en die geure gekonsentreer is.

2 Voorverhit die oond. Knip 4 velle bakpapier en sit 1 porsie salm, ’n lemoenskyfie en ’n lourierblaar in die middel van elke vel; strooi die peper oor. Skep nou ’n lepel of twee van die lemoensous op elke stuk vis en vou versigtig elke pakkie toe; verseël dit deur die punte deeglik om te vou. Die pakkie moet lugdig wees om die tegniek te laat slaag.

3 Sit die verseëlde pakkies op ’n bakplaat. Bak die vis niks langer as 8 minute nie en sit dadelik voor. Rys en geroosterde radyse is ’n opsionele ekstra.

Soutkaramelroomys

Dié verspot maklike Nigella-roomys met net drie bestanddele is ryk en jy sal vergewe word as jy dit soos dié bekende TV-sjef lepeltjie vir lepeltjie direk uit die vrieskas eet...

Genoeg vir net minder as 1 liter • Bereidingstyd: 5 minute, plus vriestyd

- 1 blik (397 g) versoete kondensmelk, gekook en heeltemal afgekoel
- 250–375 ml room • ’n knippie seesoutvlokkies

Klits die kondensmelk en room saam tot dik. Meng die sout by en skep in ’n geskikte houer vir vries. Vries tot hard, maar nie kliphard nie. So maklik soos dit! Die oorspronklike resep gebruik dubbeldik room (beskikbaar by Woolworths) maar ek vind die gewone klitsroom werk net so goed en gee ’n effens ligter roomys.

[HOE KOOK EK KONDENSMELK?]

Sit ’n vadoek onderin die kastrol waarin jy dit kook (dit keer dat die blikke onnodig teen die bodem kap terwyl dit kook). Sit die blik in die kastrol, bedek met water en bring tot kookpunt. Draai die hitte af tot laag sodat dit net-net prut, sit die deksel op (dit keer oormatige verdamping) en laat prut vir sowat 2 uur. Laat die kondensmelk in die water afkoel en moenie oopmaak voordat dit heeltemal koud is nie. Loer af en toe terwyl die blik kook en vul die water aan om seker te maak dit bly bedek, anders kan dit ontplof. 🏠



Tarte au citron

Veelsydige broskors-deeg is die beginpunt van menige spogtert. Bak dié een met 'n suurlemoen-en-laventel-vulsel.

Deur **Johané Neilson**
Foto's **Francois Oberholster**



“Blind bak” beteken jy bak die deegkop sonder die vulsel tot dit gedeeltelik of heeltemal gaar is voordat jy die vulsel inskep. Dit verseker 'n bros kors.

Maak die broskorsdeeg

Die resep is genoeg vir minstens twee korse van 23 cm in deursnee, afhangend van hoe dik jy die deeg rol.

• 280 g (500 ml) koekmeel • 10 ml suiker • 'n knippie sout • 190 g koue botter • 1 eiergeel • 20–45 ml yswater • 5 ml suurlemoensap



1 Sif die meel, suiker en sout saam in 'n mengbak. Rasper die botter met die growwe kant van 'n rasper by die meelmengsel in; vryf dan die botterfrummels met jou vingerpunte by die meel in totdat dit soos broodkrummels lyk. Alternatiewelik kan jy al die bestanddele saam pols in jou voedselverwerker.



2 Meng die eiergeel, 20 ml van die yswater en die suurlemoensap bymekaar en knie tot 'n gladde deeg. **Let wel** Die hoeveelheid vloeistof in 'n deegresep is net 'n riglyn, want die voggehalte van die meel kan wissel – oordeel daarom self of nog 'n bietjie water nodig is om die deeg te laat bymekaarkom.



3 Verdeel die deeg in twee gelyke dele en vorm elkeen in 'n skyf, bedek met kleefplastiek en laat dit sowat 30 minute in die yskas rus. Dit maak die deeg ferm en makliker om uit te rol.

Rol die deeg, voer die pan uit en bak blind



1 Rol die deeg eweredig uit sodat dit effens groter is as die pan wat jy wil gebruik ('n quiche-pan werk goed). Neem dan 'n koekroller en rol die deeg versigtig daaroor; lig die deeg tot bo die pan, laat sak en rol af oor die pan.




2 Vou die deegrande na binne en maak seker dit sal die bodem van hoek tot kant bedek. Vou dan die deeg terug oor die rand en druk dit liggies met jou vingerpunte teen die kante van die pan vas om die dop te vorm.



3 Werk die rande netjies af deur die koekroller oor die bokant van die uitgevoerde pan te rol.



4 Dié stap is opsioneel, maar ek druk altyd die deeg met my vingerpunte in die quiche-pan se gleufies sodat die dop die vorm van die riffelrand aanneem. Prik die bodem oraloor met 'n vurk en verkoel 30 minute lank in die yskas – dit keer dat die deeg krimp terwyl dit bak.



5 Voer die rou kors uit met 'n stuk bakpapier en vul dit met 'n laag droëbone. Die gewig van die boontjies keer dat die deeg inkrimp in die oond. Bak die tertkors sowat 10 minute in 'n voorverhitte oond teen 180°C. Haal die bakpapier en bone uit en bak nog 5 minute of totdat die basis ferm en ligbruin is.


[VULSEL]

Vir 'n klassieke Franse suurlimoentert klits jy 2 **eiers**, 100 g **suiker**, 150 ml **room**, die gerasperde skil en sap van 2 medium-groot **suurlemoene** en 50 g **gesmelte botter** saam en giet dit in die kors. Bak die tert vir 15 minute by 180°C, draai die temperatuur af na 160°C en bak dan nog 20 minute of tot net-net gestol. Laat afkoel.

Wenke

- Laat die kors altyd afkoel voor jy dit vul.
- Voeg 'n strooisel laventelblommetjies by die vulsel vir ekstra geur.
- Garneer die tert met meringue as jy wil en skroei dit met 'n blaasvlam. 🏠





Kos is op die tafel

Vier maklike hoendergeregte met 'n tikkie Franse flair.

Deur Johané Neilson • Foto's Francois Oberholster

Hoender met sampioene en tamatie

Onder R130 • Genoeg vir 4–6

Bereidingstyd: 20 minute • Gaarmaaktyd: 40 minute

- 15 ml elk botter en olyfolie
- 300 g sampioene, gesny
- 6 klein uitjies, geskil en gehalveer
- 2 knoffelhuisies, gekap
- 8 hoenderdyfilette, elk in twee gesny
- 15 ml meel
- 350 ml aftreksel
- 15 ml tamatiepasta
- 3 takkies tiemie
- rys vir voorsit

1 Smelt die botter en olie saam in 'n pan en braai die sampioene en uie tot mooi bruin. Roer die knoffel by.

2 Rol die hoender in die meel en geur met sout en peper na smaak. Stoot die groente eenkant in die pan en braai die hoender ook in die pan tot oraloor geseël. Voeg die aftreksel, tamatiepasta en tiemie by, bedek en laat prut vir 25 minute of totdat die hoender gaar en die sous geurig is. Dis heerlik saam met rys.

Romerige hoender met witwyn

Onder R100 • Genoeg vir 4 porsies

Bereidingstyd: 15 minute • Gaarmaaktyd: 25 minute

- 15 ml elk botter en olyfolie
- 400 g mini-hoenderfilette
- 2 salotte, gekap
- 30 ml brandewyn
- 250 ml droë witwyn
- 125 ml room
- 1 groot oranje patat, in skywe gesny en gekook
- 'n strooisel vars pietersielie
- 1 vars baguette

1 Smelt die botter en olie saam in 'n pan. Geur die hoender met sout en peper en braai in die oliemengsel tot goudbruin oraloor. Skep die hoender uit en braai nou die salotte 'n paar minute lank in dieselfde pan tot glansend.

2 Voeg die brandewyn by die salotte en kook tot amper al die vloeistof verdamp het. Roer nou die witwyn by en kook totdat dit met die helfte ingedamp is. Roer die hoender en die room by die pan en laat prut nog sowat 5–10 minute of tot die hoender gaar is. Roer die patat en pietersielie by die ryk sous en sit voor met die brood.



Baskiese hoender

Onder R140 • Genoeg vir 6 porsies

Bereidingstyd: 30 minute • Gaarmaaktyd: 30 minute

- 30 ml olyfolie
- 8 repe spek
- 4 elk hoenderboudjies en -dytjies
- 'n knippie rissiepoeier
- 1 geel of rooi soetrissie, in repies gesny
- 3 takkies tiemie
- 1 blik (400 g) gekapte tamaties
- 30 ml gekapte platblaarpietersielie

1 Verhit die olyfolie in 'n swaarboomkastrol en braai die spek tot bros. Skep uit en braai nou die hoender in dieselfde pan tot oraloor mooi bruin.

2 Geur die hoender na smaak met sout, peper en rissiepoeier. Voeg die soetrissie by en braai 'n paar minute.

3 Skep die spek terug in die pan, voeg die tiemie en tamaties by, sit die deksel op en laat prut 20–30 minute of tot die hoender gaar is. Strooi die pietersielie oor en sit voor met die stysel van jou keuse om al die sous op te slurp.



Herbes de Provence-hoender

Onder R120 • Genoeg vir 4

Bereidingstyd: 25 minute • Gaarmaaktyd: 30 minute

- 4 hoenderboud-en-dystukke
- 'n knypie elk gedroogde tiemie, origanum, roosmaryn, marjolein, pietersielie en laventel*
- sowat 5 ml Maldonsout
- 1 klein suurlemoen se skil en sap
- 30 ml olyfolie
- 400 g groente soos broccoli, baba-mielies en murgpampoentjies
- 'n hand vol bronkors

1 Maak met 'n skerp mes drie of vier diep insnydings deur die vel in elke stuk hoender. Meng die kruie en sout en voeg die suurlemoenskil by. Vryf die hoender oraloor in met die geursout en die olie.

2 Braai die hoender oor warm kole of in 'n riffelpan op die stoof tot mooi goudbruin en gaar. Drup vars suurlemoensap oor die hoender net voor jy dit van die hitte afhaal.

3 Stoom of braai die groente soos jy daarvan hou en sit voor saam met die hoender en bronkors.

* Opinies verskil oor watter kruie nou eintlik 'n klassieke Herbes de Provence-mengsel uitmaak. Koop 'n potjie klaar gemengde kruie by die supermark of voeg jou gunsteling-kruie by bogenoemde resepte. 🏠



kos & drank

Bederf jouself en probeer iets nuuts!

Deur Johané Neilson • Foto's verskaf



DEK 'N TAFEL

Sit 'n spogmaal voor op 'n DSA Hibiscus-tafeldoek van katoen (vanaf R1 119 vir 180 x 230cm, yuppiechef.com). Te mooi!

Effe droog

Robertson-wynkelder het 'n droë opsie by sy gewilde reeks **nie-alkoholiese vonkelwyne** gevoeg. Die Dry Sparkling White (R55, robertsonwinery.co.za) is verfrissend sonder oormatige soetheid – perfek om aan te teug langs die swembad of teen sonder op die strand.



Kersie op die koek

Happy Culture se reeks probiotiese tee het twee nuwe geure bygekry! Die Cherry CBD is die ene heilsame vrugte, met 'n skeut topgehalte-CBD-olie. Die Zesty Energy Kombucha bevat weer verfrissende sitrus, asook guarana en ginseng vir 'n energie-inspuiting wat die liggaam én verstand verkwik. Besoek happyculture.co.za.



Die heel beste

Tweebestanddeel-deeg, driebestanddeel-kaaskoek, Steri Stumpie-mousse... Lui dit 'n klokkie? Dan het jy seker al dié *Foodies of SA*-resepte iewers op sosiale media raakgesien. *Foodies Top 100* (R390, Quivertree) is 'n keur uit die handelsmerk se mees geliefde en gedeelde resepte oor die afgelope twee jaar – netjies verpak in 'n pragtige kookboek! Ons kan nie wag om die sjokoladekoek te bak en met Liquorice Allsorts in 'n Afrika-geïnspireerde patroon te versier nie!



Gesond én lekker

Linda McCartney Foods (eksklusief by Checkers en Checkers Hyper) is 'n gourmet-reeks veganistiese en vegetariese produkte gemaak van voortreflike bestanddele. Probeer die worsies met rooi ui en roosmaryn (vanaf R29,99 vir 'n pak van 6) en sappige “vleis”-koekies (vanaf R29,99 vir 'n pak van 4).



Kat se kans
Wild Cat-piekniekkombers (140 x 140 cm) van katoenseil met 'n leerriem R1 500, lovemilo.com



NES MA S'N

Die sjefs en kreatiewe spyseniers Johnny Hamman en Marius Uys se nuwe restaurant, Hamm & Uys, bring Suid-Afrikaanse erfeniskos met moderne wêreld-flair na die historiese Blaauwklippen-wynlandgoed op Stellenbosch. Die eetplek is die ene plaasstyl met 'n ontspanne atmosfeer, en belowe “die nostalgie van jou ma se kos, herontwerp vir die eietydse palet”. Hul klassieke Sondagmiddagetes is 'n moet! Dis van Dinsdag tot Sondag oop van 10:00 tot 17:00; sien meer by blaauwklippen.com. Boonop kan jy 'n splinternuwe reeks handgemaakte jenewers wat in klein maat gedistilleer is (vanaf R385, blaauwklippen.com) hier proe; 'n jenewer-en-nougat-proe, enige dag van die week tussen 10:00 en 17:00, kos R135 per persoon.

Dink jy Parys is buite bereik?

Gebruik die Afrikaanse soekenjin by
www.wegreis.co.za om vliegkaartjiepryse van
die verskillende lugdienste te vergelyk.

Jou droomvakansie is dalk nie onbekostigbaar nie.
Kyk ook sommer na dié maand se spesiale
pakketaanbiedings op WegReis
na Zanzibar, Mauritius, Phuket en Italië.



SELFDOEN-SEËLSTEL VIR MOTORHUISDEURE

Moeg vir weerskade aan gestoorde goedere in jou motorhuis?
HOU DIE MEESTE KNAAGDIERE, SLANGE EN ANDER GEDIERTES UIT!

100% UV-BESTAND

Hierdie produk hou water en stof uit jou motorhuis!




Borselseël vir bokant en sye


Bestellings:
 Marlese Botha 084 945 5423
 of 039 976 0020
 E-pos-bestellings:
 sales@bigaltrading.co.za
 www.bigaltrading.co.za



Voor



Maklik om te installeer



Probleem Opgelos!

HANDGEMAAKTE SEMENT WASBAKKE

KOMBUIS WERKSOPPERVLAKKE EN MEUBELS

082 577 3104
 www.liquidconcrete.co.za, info@liquidconcrete.co.za
 @liquidconcrete101 f/liquidconcrete101



WERK VIR MY
 BETROUBAARHEID AS STANDAARD

VERVAARDIG IN DUITSLAND

OTOMATIESE X7

- BEKROONDE BETROUBAARHEID
- VERWYDER TROETEL-DIERHARE, HEELTEMAL
- OPTIMUM PRESTASIE, OTOMATIES
- MAAK KNUS TEEN DIE VLOER SKOON
- GEBOU OM TE HOU



DIE NUWE GENERASIE

DIREK AAN JOU BESKIKBAAR MET

GRATIS AFLEWERING!



BESTEL AANLYN BY: WWW.SEBO.CO.ZA

VIR 'N VERPLIGTINGVRYE DEMO:

086 111 4250 / INFO@SEBO.CO.ZA

Beracah Linen & Interior

OP JOU DRUMPEL AFGELEWER!



Ontwerper-strooikussings, -linne en -gordyne & Binneversiering-konsultasies

SEL 078 388 3619 WEBBLAD www.beracahlinen.com
 E-POS beracahlinen@webmail.co.za
 FACEBOOK Beracah Linen & Interior



- Kombuise & Kaste
- Dekor
- Werkswinkels & DIY opleiding
- Tuis Selfdoen kenner
- Binnehuisversiering

Deon De Goede
 084 589 5026
deon@diydeon.co.za
 tuis | home

Jou troeteldier verdien die beste

Koop aanlyn by
www.shingavet.co.za



Milestone KITCHENS
free standing designer kitchens

Die Kantoor in 'n Kas is die perfekte oplossing vir 'n studentewoonstel, klein ruimte of huis – met dié eenheid kan jy jou kantoor netjies “toesluit” sodat dit uit die oog is tot jy dit weer nodig kry.



Besoek milestonekitchens.co.za vir nog inligting en e-pos info@milestonekitchens.co.za vir 'n kwotasie.

Kompetisiereëls

- 1 Enigiemand in Suid-Afrika mag deelneem, buiten werknemers van Media24, die kompetisieborse, hul filiale, advertensie- en promosieagentskappe en hul gesinslede.
- 2 Pryse word toegeken aan die eerste korrekte inskrywings wat getrek word en wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word.
- 3 SMS-kompetisiewenners word lukraak uit al die SMS-inskrywings gekies.
- 4 Die organiseerders se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.
- 5 Pryse kan nie verander, oorgedra, uitgestel of vir kontant geruil word nie.
- 6 Die onus rus op kliënte om die pryse te verskaf. *Tuis* kan nie verantwoordelik gehou word vir probleme met en veragings in die gestanddoening van die pryse nie.
- 7 Pryse moet binne 6 maande ná kennisgewing opgeëis word; uitstel sal slegs verleen word indien die borse skriftelik daartoe instem.

tuis

REDAKTEUR
Kaapstad-kantoor
Kaapstad-posadres
Kantoorbestuurder
Johannesburg-kantoor

Wicus Pretorius • redakteur@tuis.co.za
20ste Vloer, Media24-gebou, Heerengracht 40, Kaapstad
Posbus 1802, Kaapstad 8000
Amina Essop 021 406 2401
Media Park-gebou, Kingswayweg 69, Auckland Park

REDAKSIE
Artikelredakteur
Kreatiewe redakteur
Kosredakteur
Ontwerpredakteur
Uitlegkustenaar
Teksredakteurs
Digitale redakteur
Multimediajoernalis
Fotograaf
Foto-opknapper

Shané Barnard • shane.barnard@media24.com
Marian van Wyk
Johané Neilson • johane.neilson@tuis.co.za
Andrew Maritz
Jade Cupido
Desiree Hartney en Johletta Brits
Amy Johnson
Suné Esterhuizen
Francois Oberholster
René Nortjé

MEDEWERKERS

Shelly Bergh, Karin Brynard, Elza Cooper, Paula Dubois, Gillian Eva, Gerda Engelbrecht, Marié Esterhuyse, Donna Lewis, Malizo Masumpa, Kay Montgomery, Beatrice Moore-Nöthnagel, Aleit Swanepoel, Ludwig Taschner, JJ van Rensburg, Amanda van Wyngaardt, Dina Venter

Produkiesbestuurder
Algemene navrae

Kerry Nash
Donvé Myburgh 021 406 2387

ADVERTENSIES

Hoof: Advertensieverkope
(Kaapstad en KZN)
Sleutelklantbestuurder (Kaapstad)
Verkoopbestuurder (Johannesburg)
Toonvenster-advertensies

Sarah Curtis-Bowles 021 461 2396
Charlene Meyer 082 928 5970
Susan Pienaar 083 281 7300
Evonne Mehl 021 461 2396

MEDIA24 LIVE
Handelshoof (projekte)
Borgskappe
Bemarkings-en-funksiebestuurder

Francois Malan 021 406 2376
Nikki Ruttiman 011 713 9147
Andile Nkosi 021 406 2257



LEEFSTYL-ATELJEE
Skeppende direkteur
Handelsbestuurder (maandeliks)
Handelsredakteur

Michael de Beer
Lise Coetsee
Gerda Engelbrecht

SIRKULASIE
Sirkulasiebestuurder
Produkbestuurder

Riaan Weyers 021 503 7179
Janine Snyman 011 713 9918

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

BEL 087 353 1300 • FAKS 086 296 6681 • E-POS subs@media24.com
SMS “tuis” na 32361 (R1 per SMS) • WEB Zinio.com of Magzter.com

MEDIA24



Tuis word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121

Uitvoerende hoof: Media24 Ishmet Davidson
Uitvoerende Hoof: Media24 Drukmedia Rika Swart
Hoofbestuurder: Media24 Leefstyl Minette Ferreira
Hoof van finansies: Media24 Leefstyl Jameelah Conway
Hoofbemarkingsbeampte: Media24 Maandelikse Tydskrifte Nerisa Coetzee

Kopiereg Media24. All regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopieëring, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word, akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit mag voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.

jou praktiese huis-en-tuingids

tuis

SA se No.1 huis-en-tuin-tydskrif

R52,00 (BTW inkl.)
Namibië N\$52,00

Maart 2020

NUWE KOMPETISIE
R20 000 kan joune wees!
Ontrommel en wen

Asemrowende opknop
Bou boontoe!

5 veeldoelige

Teken in en spaar 25%!

KOS
Geurige geregte uit Frankryk

Gesellige huise met 'n industriële kinkel

STELLENBOSCH
Staalrame en hoë plafonne

R468 per jaar*

GEDRUKTE WEERGAWE

NUWE INTEKENARE SMS “TUIS” NA 32361

HERNUWINGS SKAKEL 087 353 1300

E-POS subs@media24.com of WHATSAPP 087 353 1333

DIGITAAL BESOEK Zinio.com of Magzter.com of Netwerk24.com



*Jou intekening wat deur 'n maandelikse aftrekorder betaal word, word op 'n vooruitbetaalde basis voorsien en jou rekening sal 12 keer per jaar gedebiteer word. Intekentarië is onderworpe aan prysverhogings en jou betaalinstruksie sal ooreenkomstig die verandering in jou tarief aangepas word. Aangesien maandelikse subskripsies outomaties hernieu word, moet jy ons laat weet indien jy jou intekening wil kanselleer. Dié aanbiedinge geld tot 11 Maart 2020. B's en V's geld. Die gedrukte aanbod is vir intekenare in SA; vir internasionale intekentarië, skakel +27 21 065 0033. Vir nuwe subskripsies, SMS jou besonderhede aan ons sodat ons met jou in verbinding kan tree. Elke SMS kos R1,50; gratis minute tel nie.



Die buurtgroep

Dis nou maar eenmaal deel van ons samelewing: die buurtgroep. En dit kan sinvol wees, skryf Karin Brynard. Of sonde van jou tyd.



Illustrasies Paula Dubois

“Kan iemand help met ’n ‘message’-bed, een met ’n gat waar die gesig kom?”

Dié noodkreet was onlangs op my buurt se WhatsApp-groep. Ek, wat net so nu en dan ’n oog gooi oor verrigtinge daar, moes lank gaan stilstaan by dié oproep tot redding. Onnodig lank. Ek wil aangaan met die lewe, maar as ek my weer kom kry, dan wonder ek oor daardie boodskapper-bed. En die gesig wat in die gat kom.

Ek ken nie juis veel mense in die buurt nie, wat natuurlik nie help nie. Ek kort konteks, sien. Maar dis ’n woelige groep, so ek hou ook nie goed tred nie. Dit verg klaar buitengewone hoeveelhede naasteliefde om net by te bly met die doen en late van al die hondjies en katjies. Hulle is óf weg (hordes foto’s, almal sielig) óf hulle verskyn waar hulle nie moet wees nie (nogmaals foto’s, meestal nie kompetisiemateriaal nie).

En dan is daar die raaisel van die konyn. Dis ’n vaalgrys dier waarvan ek omtrent sewentigduisend foto’s op my foon het – oor die jare in tientalle agtertuine afgeneem. Is dit een konyn? Op al die foto’s lyk hy dieselfde: rooi-oog-verstarring. Tog is hy oraloor. En wie s’n is dit? ’n Raaisel binne ’n enigma.

Soms kom daar ’n iets verby wat jou egter aan die keel beetkry. Soos die noodkreet oor die tablet. Ek tel die storie by Moses op. Iemand skryf: “Vra Moses. Hy was die eerste persoon wat ’n tablet gebruik het.”

Intrigerend, dink ek. Wat was die vraag? Voor my geestesoog sien ek ’n benoude ou oom met ’n tablet. Sy eerste. ’n Ongevraagde iPad uit ’n krismispakkie van die kinders en kleinkinders. Met liefde. My hart word week vir hom. Ag, *shame*, man. Maar ek moet ook glimlag vir die spitsvondige Moses-inskrywing. Dan wip ’n volgende in: “En Abraham was die eerste *backpacker*.” *Cool*. Ek grawe in die muisnes van my geheue vir die geskiedenis van Abraham. Vind hom in Genesis: Hy’t by sy ouers gebly tot hy 75 was. Toe vat hy die pad die vreemde in. En word die volksplanter vir die ganse Jodedom. Super *cool*.

Maar dit help die ou oom niks. Ek worrie, maar word afgelei deur ’n volgende noodkreet: “Het iemand ’n aanbeveling vir

dreinpype?” Ek weet dis ’n spelfout, maar die rilgedagte aan “aanbevelings” onder ons ... Ek trek sommer.

Maar dis die oupa en sy tablet wat my nie wil loslaat nie. Dan sien ek nuwe kommentaar: “Mense, Moses se Tien Gebooie was nie op marmer nie. Dit kom uit die Amerikaanse fliks.” Marmer? Wat het dit met die saak te make?

Uit ’n ander koers soek iemand ’n telefoonnommer vir droë hout. En dadelik kom daar ’n opvolgvraag: “Letterlik of figuurlik?” Ons vind nooit uit nie, want daar’s klagtes oor ’n groot wit hond wat straataf hol en al die vullissakke oopskeur. “Hy’s te vinnig om sy naam of nommer te sien.” En dan het iemand weer die vaal haas gewaar.

Wat nou van die arme oom met sy tablet, mense?!

Iemand sit ’n YouTube-video op oor kintsugi. Ek wil nie kyk nie. Ek het werk. Hierdie groep se dinge is tydwend. As jy jou laat insleep, glip die ure gou verby. Maar ek kyk tog. Sien dit gaan oor die Japannese kuns om gekraakte breekgoed reg te maak met ’n mengsel van gom en goud. Dis ’n diep video. Oor die omhelsing van gebrokenheid en Hemingway wat skryf hoe die lewe almal iewers breek en hoe ons sterk word in ons gelapte “broken places”. Mooi. Maar wat nou van die oom?

“Daar’s ’n vreemde hond saans voor my hek.” Die foto wys ’n benerige, ou wit hond. Hm. Ek persoonlik sou ’n priester laat kom.

Dan is daar iemand wat ’n groot “basil”-plant wil uitkap en sy blare vir die buurt aanbied. “Dit maak lekker pesto,” kom die belofte. “Hoeveel?” wil een weet. “Groot bos, baie blare.” Die buurt se taalbul voeg sy sentjie by: “Basilie in Afrikaans.” Gmf. Pedant.

En die oom?

Ek loop terug op die stroompie inskrywings. En ontdek daar was toe nie ’n oom nie. Newwermaand ’n tablet. Al my gebekommerdwesery was verniet. Die hele storie het begin by iemand wie se marmerblad gekraak het. Ek sit die foon vies weg. Laat dit vir my ’n les wees.

En die bed met die verskynende gesig? Dis natuurlik ’n “massage bed”. Dûh.

Die **grootste** meubelvervaardiger ter **wêreld**

